# VOORLEGGING

aan die

**MENSEREGTEKOMITEE**
**van die**
**WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE**

oor die

## 1977 MOORDE OP
## DR ROBERT & JEANNE SMIT

DEUR: **Die Smit kinders:**
*Liza Grundlingh & Robert Smit*

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# INHOUDSOPGAWE


Inleiding

1. Smit dogter: Liza Grundlingh se persoonlike ervaring — Bl 1

2. Smit seun: Robert Smit se persoonlik ervaring — Bl 16

3.
A Die jongste beweringe — Bl 20
B Persone re jongste bewerings: — Bl 23
(i) Willem Francois Oosthuizen — Bl 23
(ii) Joop Smit — Bl 25
(iii) Roy Allan — Bl 28
(iv) Jack Widdowson — Bl 33

4. Faktore wat na vore gekom het
A Die aktetasse — Bl 34
B RAU TEM — Bl 37
C Die Z-squad — Bl 39
D SANTAM Internasionaal — Bl 41
Kollega's:
(i) Dr Charles Ferreira — Bl 43
(ii) Dr Carel van Aswegen — Bl 45
(iii) Ina Barkhuizen (voorheen McGregor) — Bl 47
(iv) Ina Allan — Bl 51
(v) Ander mense/feite van Santam Internas. — Bl 53

E Die polisie se aanvanklike ondersoek — Bl 55
Persone: Polisie/BOSS/Taakmag
(i) Genl Lang Hendrik van den Berg — Bl 56
(ii) Kol Dries Verwey — Bl 59
(iii) Gerrit Viljoen — Bl 60
(iv) Generaal Visser — Bl 62
(v) Brig Wiese — Bl 62
(vi) Genl JJ de Swart — Bl 62
(vii) Piet Botha — Bl 63
(viii) Jack le Grange/Robert vd Merwe — Bl 64
(ix) Brig Jack Cronje — Bl 65
(x) Koos Kemp — Bl 65



ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

(xi) Mike Kennedy — Bl 65
(xii) Philip Swart — Bl 66
(xiii) Hennie Gerber — Bl 66
(xiv) Geoff Chatz (-Kelowitz) — Bl 67
(xv) Jerry Raven — Bl 68
(xvi) Mike Pholey — Bl 68
(xvii) Mike Kühn — Bl 69
(xviii) Louw Malan — Bl 69

F. "Sanction Busting"/wapens/olie — Bl 70

5. Politieke figure
(i) John B. Vorster
(ii) Pik Botha
(iii) F W de Klerk
(iv) Dr Karel de Wet
(v) Connie Mulder
(vi) P W Botha
(vii) Nico Diedericks
(viii) Chris Heunis

6. Vriende/kennisse
(i) Dawn Lottering
(ii) Neil van Heerden

7. Joernaliste
(i) Peet Bothma
(ii) Alet van Rensburg
(iii) JJ van Wyk
(iv) Allister Sparks
(v) Hennie Serfontein

8. Ander
(i) Eugene de Kock
(ii) Snor Vermeulen
(iii) Emmerentia Liebenberg
(iv) Nico Palm
(v) Gerhard van Rensburg
(vi) Hennie/Hans Beukes


ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

(vii) Mnr X
(viii) Mev X

Afsluiting

Aanhangsels

Bronnelys: Kontaknommers/adresse .... UITERS VERTROULIK

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Inleiding

Ons, Robert Smit en Liza Grundlingh, rig hiermee 'n amptelike versoek tot u, die Menseregtekomitee van die Waarheids- en Versoeningskommissie, om die waarheid te soek en te ontbloot oor die grusame moorde op ons ouers, Dr Robert en Jeanne Smit, op 22 November 1977. Byna 20 jaar al soek ons na antwoorde op die baie vrae betreffende die moorde. Wie wou hulle dood hê? Wie het die moorde gepleeg? Waarom "*moes*" ons ouers sterf? Hoekom "*kon*" die polisie die saak nie oplos nie? Vir 20 jaar al wend ons pogings aan om die moorde self op te los. Ons voel dat die tyd nou - in die huidge klimaat van versoening in die land - reg is om die waarheid uit te vind. Soveel geheime van die verlede is reeds deur u kommissie ontbloot. Ons glo en vertrou dat die waarheid oor die Smit-moorde ook nou uiteindelik gehoor sal kan word. Hiermee deel ons graag met u die kennis wat ons oor die jare opgedoen het en ook die gerugte, aantygings en bewerings.

By voorbaat dank

Robert Smit en Liza Grundlingh

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 1. Smit dogter: Liza Grundlingh se persoonlike ervaring

Twintig jaar gelede is my ouers, Dr Robert van Schalkwijk Smit en Mev Jeanne Cora Smit, wreed in hul huurhuis in Springs vermoor. Die familie - en sekerlik ook die hele land - was onder die indruk dat ons polisiemag die moorde spoedig sou oplos. Nou, na 20 jaar, is die moorde nog steeds onopgelos. Ek wil graag, op my manier, probeer verduidelik hoe die moorde my lewe geaffekteer het.

Om 'n idee van my pyn en lyding te probeer gee, skets ek hoe ek die moorde ervaar het. Sekere gebeurtenisse is nog baie helder in my geheue, maar dan is daar ook die gapings ... die dele waarvan ek niks of bitter min kan onthou.

Op 23 November 1977, tydens ons pouse by die skool, net voordat ek my Biologie eindeksamen-vraestel sou skryf, het ek die nuus van my ouers se dood gehoor. Ek was op pad kantoor toe om vir iemand daar te gaan sê dat 'n onderwyser se kar besig was om petrol te lek. Net toe ek in die gang indraai, sien ek my neef, Eben, en niggie, Renate Vermaas, voor die hoof, Mej Holzhausen, se kantoordeur staan. My niggie se oë was bloedrooi gehuil. Ek het my natuurlik boeglam geskrik, want: "*Wat maak hulle hier*?". My eerste gedagte was aan my ouma, wat dalk oorlede kon wees. Toe ek vra: "*Wat is fout*?", sê my neef vir my: "*Liza, wag net hier. Ons sal nou met jou praat.*" Die erns in sy stem het my laat besef, ek vra nie verder uit nie. Met die, is hulle by die hoof se kantoor in. Ek moet ook net noem dat Eben en Renate by ons (my en my broer) gebly het in Pretoria, terwyl my ouers in die week in Springs was.

Na wat soos 'n ewigheid gevoel het, het "Blits" (soos ons die hoof, Mej Holzhausen genoem het) uitgekom en my ingeroep. Ek was 'n 13-jarige tiener, wat intens van myself bewus was. My neef het my nader gewuif en gesê ek moet op sy skoot kom sit. Ek wou glad nie. Ek was mos nie 'n kind nie. Ek het toe net langs hom gaan staan. Hy't sy arm om my gesit en ek kon voel hoe hy liggies bewe. Hy het aan my gesê: "*Iets vreesliks het gebeur. Jou pa en ma is dood.*"

Ek kan onthou dat ek net na hom gekyk het, met die gehuil van Renate in die agtergrond. Ek kan waarlik sê dat ek seker soos 'n robot opgetree het, met geen teken van emosie nie. Ek het gevra: "*Wat het gebeur*?" Hy sê toe: "*Jou pa en ma is glo vermoor.*" Net dit ... niks meer nie. Hy het uit sy stoel

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

opgestaan en wou my vashou, maar ek wou nie hê hy moes aan my vat nie. Ek het geensins emosie getoon nie, wat uit karakter was vir my. Dit moes seker die onwerklikheid rondom die belaglike storie gewees het.

Daarna het ons van Afrikaans Hoër Meisieskool gery na Robert (my broer) se skool, John Vorster Tegniese Hoërskool. Van die rit onthou ek nie veel nie. Ek weet net hy (my broer) het in 'n stadium agter by my ingeklim, baie strak en stil. Ek het uitgereik na hom, maar hy't sy rug op my gedraai. Iewers op pad huis toe, moes Robert op 'n plek geland het, want toe ons by Roperstraat, waar ons huis was, indraai, was dit net ek, Eben en Renate in die kar. Vir omtrent twee blokke rondom die huis was daar net karre geparkeer. Eben het gesê ek moes agter hom in die kar op die grond gaan sit. Ek is toe met 'n kombers toegegooi. Ons het in die erf ingetrek. Eben en Renate het aan my gesê ek moet net doodstil bly sit, hulle kom haal my nou-nou en toe uit die kar geklim.

Dit het vir my soos 'n ewigheid gevoel. Ek het vorentoe oor die stoel geleun en die radio aangeskakel. Dit was presies half twaalf. Ek weet dit want die trompette het op die radio afgegaan en die man het gesê: "*Goeie môre, dit is nou half twaalf op Radio Hoëveld en hier volg die nuus.*" Uit die aard van die saak was die eerste berig die een rondom die moord op beide my ouers. Toe ek dit hoor, het ek uit die kar uitgevlieg en die huis ingestorm – steeds oortuig dat dit alles 'n ontsettende groot fout was. Niemand, buite of binne, het my gesien nie.

Ek het onmiddellik telefoon toe gegaan en die partykantoor op Springs gaan bel. 'n Vrou het geantwoord. Ek het gevra om met Robert Smit te praat. Sy het gesê: "*Hou aan.*" Toe besef ek almal het 'n fout gemaak, sy gaan roep hom dan. 'n Manspersoon het op die lyn gekom en gevra: "*Wie praat nou?*" Ek het my vraag herhaal, waarop hy weer gevra het wie praat. Ek sê toe: "*Dit is sy dogter.*" Die woorde wat hy toe gesê het, sal ek nooit in my lewe vergeet nie: "*My Here, is daar kinders?*"

Vir die eerste keer dié dag, het ek met 'n geweldige skok besef: alles is waar. Ek het nie verder gepraat nie, net die telefoon neergegooi en na my ma se kamer gehardloop en 'n laai gaan oopmaak waar daar verskeie foto's van hulle twee saam was. Ek het op hulle bed gaan sit met die foto's en histeries begin huil. Dit is waar Eben my gekry het.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Wat presies daarna gebeur het – vir die res van die dag – kan ek glad nie onthou nie. Eintlik seker vir die hele tydperk van dié dag tot en met die begrafnis. Ek het later gehoor dat hulle my gesedeer gehou het. Daar is wel flitse van sekere gebeurtenisse.

Een voorval wat ek goed kan onthou, is die aand toe Eben en Renate my en Robert na my ouers se kamer geroep het. Ons moes op die bed gaan sit. Daar het Eben iets wat soos 'n tissue gelyk het, een aan my en een aan Robert gegee met die woorde: *"Dié is hul horlosies en ringe."*

Toe ek my ma s'n oopmaak, was ek baie emosioneel. Wie ook al die horlosie en ringe moes skoonmaak, het nie 'n goeie taak verrig nie. Die finaliteit het my toe regtig eers getref, want hier hou ek dan nou van my ma se kosbaarste besittings, wat sy nooit afgehaal het nie, in my hande: besmeer met haar eie bloed. (Wat in gedagte gehou moet word, is dat sy met haar linkerhand probeer keer het, toe sy geskiet is. Die patroon is deur die pinkie van haar linkerhand.) Ek het met my naels die bloed probeer afkry. Eben het toe opgelet dat daar nog bloed op die ringe was en het dit by my afgevat. Renate het toe die horlosie en ringe gaan was.

Dit is in kort hoe ek die nuus gehoor het.

Nog 'n voorval wat duidelik uitstaan kort na die moorde, wat tot vandag toe vir my onverklaarbaar is, was toe hulle my 'n dag of twee na die moorde na die moordhuis geneem is. Dit het 'n geweldige impak op my – veral my persoonlikheid – gehad. Nog niks was verwyder, skoongemaak of aangeraak nie. My eerste indruk was skok. Toe ek deur die voordeur loop, word daar vir my gesê: *"Moet asb nie op die bloed trap of enigsins aan iets raak nie."*

Ek het vasgekyk in iets wat soos lewer gelyk het. Op een plek was dit stukkend en het 'n spoor bloed tot om die hoek geloop. Daar is baie diplomaties aan my gesê dat dit is waar my pa geval het en dat hulle hom eers na 'n ruk moes weggesleep het.

Ek het baie lank daar gestaan en kyk. Ek het nie geweet dat dit is hoe bloed lyk nie. Ek het dit heel anders voorgestel. Dit was baie donker en jellierig met iets wat soos 'n vlies gelyk het wat alles bymekaar moes hou. Die gedagte dat dit my pa se bloed was, was oorweldigend. Die gevoel wat ek

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

gehad het, was dat ek wou afbuk en daaraan raak … net om myself te oortuig dat dit wat ek sien, daar voor my lê.

Vandaar is ek gelei na waar my ma geskiet is. Snaaks genoeg was daar nie naastenby so baie bloed nie. Toe ek daar gaan staan, het almal my gelos en weggeloop. Ek het heeltemal alleen daar gestaan. Ek onthou dat een van my ma se plastiese handskoene op die plek gelê het. (Sy het 'n velsiekte – psoriase – gehad. Sy moes salf aan haar vingers smeer en het dan vir 'n ruk die handskoene gedra). Ek het afgebuk en die handskoen opgetel. Hy was vol bloed … binne in.

Skielik staan daar iemand agter my en beveel my om dadelik die handskoen neer te sit. Ek mag aan niks raak nie. Van die harde, amper skreeu hier agter my, het ek geweldig geskrik en die handskoen laat val.

Toe is ek weer alleen. Ek het na alles probeer kyk. Die tafeltjie wat skeef staan, die gehoorbuis van die telefoon wat langs die tafeltjie afhang en die presiese plek – so 'n tree en 'n half van die tafeltjie – waar sy geval het. Ek het probeer visualiseer hoe die toneel moes gelyk het. Dit was 'n absolute onwerklike gevoel. Die huis was skielik uiters vreemd en geheimsinnig.

Ek is vandaar na die kombuis om na die spuitverf te gaan kyk. Weer eens het dit vir my gevoel asof ek in 'n totaal vreemde plek staan. Ek het nie lank in die kombuis gebly nie, want wat ek daar gesien het, kan ek nie assosieer met wat ek binne aanskou het nie.

Daarna het ek weer stadig deur die eetkamer geloop en styf teen die gang se muur verby die sleepmerke geskuur. Toe wou ek nie aan die bloed raak of enigsins daarop trap nie. Ek het lank in my ouers se kamer gestaan. Ek weet nie eintlik wat ek daar gedoen het of wat deur my kop gegaan het nie, maar toe ek weer sien, toe is ek weer by die plek waar my pa geval het. Ek kan onthou dat ek toe vir die eerste keer trane in my oë gekry het. Ek is toe uit die huis gelei.

Dit is iets wat my die res van my lewe sal bybly. Soos die spreekwoord sê: dit is inge-ets in my brein. Soos ek vroeër genoem het, kan ek nie begryp waarom dit nodig was om my in die huis in te vat nie. As my beste vriendin so wreedaardig sou moes sterf, sal daar nie 'n manier wees wat ek haar kind deur so 'n traumatiese ervaring sou sit nie. Nie eens vir haar familie wat volwassenes is, kan so 'n ervaring maklik wees nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Wat ook ingedagte gehou moet word, was my ouderdom. Ek was 'n dertienjare tiener wat besig was om die wêreld te ontdek en nooit blootgestel was aan hoegenaamd enige wreedheid nie. Dit was 'n geweldige gebeurtenis wat ek vinnig moes leer verstaan, dit hanteer en verwerk. Familie was deurentyd by my, maar nie een van hulle het geweet hoe om my regtig te help nie, want hulle het self met die skokkende ding geworstel.

As die mense wat vir die moord verantwoordelik was enigsins kon besef wat dit regtig aan my, my broer en my hele verdwaasde familie gedoen het. Die skade wat ek gely het emosioneel, sal ek nooit in woorde kan omsit nie. Hoe verduidelik ek dit aan iemand dat die twee kosbaarste mense in my hele bestaan wreedaardig en net doodeenvoudig van my weggeruk is? My hele lewe het 'n drastiewe omwenteling ondergaan.

Die dag van die moord was ek redelik geskok. Ek het nooit besef hoe 'n belangrike persoon my pa was nie. My ouers het ons ook nooit so grootgemaak dat ons dit kon besef het nie. Ons lewenswyse was deurentyd baie nederig, alhoewel ons in baie hoë kringe beweeg het, maar nooit was daar 'n ophef van gemaak nie. Ek moet ook sê dat dit 'n lewenstyl vir ons was en dat ek nie geweet het daar bestaan 'n ander manier van lewe nie. Nooit het my ouers my laat verstaan dat ons anders of beter as ander mense was nie.

Die dag van die begrafnis, wat vir my uitgestaan het toe ons by die kerk aankom, was dat die kerk stampvol was. Wat ook vir my uitstaan was al die polisie en weermagmanne wat teen die kerk se vensters afge-ets was met hulle gewere. Dit was my heel eerste begrafnis. A.g.v. ons lewenswyse – baie in die buiteland – was daar nooit voorheen die geleentheid om begrafnisse van familie by te woon nie.

In die kerk, nadat ons gaan sit het, het iemand van agter af sy hand op my skouer gesit met 'n ferm druk. Toe ek omkyk, kyk ek in John Vorster se gesig vas. Teen die tyd het die gerugte al die ronde begin gedoen dat daar 'n politieke konneksie met die moorde was. Ek kon nie glo die man durf waag om aan my te vat nie. Ek het summier my skouer onder sy hand uitgeruk, wat seker heeltemal onnodig was.

As ek gedink het daar was baie mense by die kerk, was die ter aarde bestelling vir my nog 'n groter skok. Daar was ongelooflik baie mense.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Eben het vir my gesê dat as ek voel ek kan nie meer nie, sal hy iewers agter my staan, dan moet ek net na hom toe kom.

Voor die begrafnis het ek my voorgeneem dat ek nie sal huil nie. Ek wou nie hê die mense moes my bejammer nie. Ek het redelik goed gehou. Maar toe die kiste gesak word onder gebed, wou ek nie meer daar wees nie. Ek het agtertoe gekyk, maar kon Eben nie sien nie. Ek het toe opgekyk en oorkant die gat het ek Renate gesien. Ek het Eben se naam vir haar met my lippe gevorm. Sy het met haar oë na iewers agter my gewys, maar nog steeds kon ek hom nie sien nie.

Na die kiste gesak het, (hulle is saam in een graf begrawe, my pa onder en my ma bo) het iemand met 'n bakkie roosblare na my gekom. Ek kon nie glo hulle wou hê ek moet die blomblare in daardie gat gooi waarin my ouers nou net weggesak het nie. Hoe kon hulle verwag ek moes daar inkyk, wat nog van die roosblare daar ingooi. Net daar het ek geknak. Ek het die bakkie geklap dat jy net roosblare sien trek, omgedraai en begin hardloop.

Op een of ander manier het Eben toe by my gekom, want hy het my weggelei tot by die roukar. Daar het hy my styf vasgehou, terwyl ek die eerste keer vandat ek van die moorde gehoor het, regtig gehuil het. Ek kan onthou hoe ek gesnik het. Dit was ook 'n eerste ervaring vir my, want nog nooit in my lewe het ek sulke intense hartseer ervaar nie.

Dit was tydens die episode dat Eben saggies vir my gesê het: "*Liza, hier's iemand wat jou wil sien.*" Ek wou niemand toe sien nie, maar Eben het my omgedraai en voor my staan een van my pa se huisvriende, Pik Botha. Ek het outomaties in sy oop arms inbeweeg. Die Botha's het baie by ons gekuier in Amerika. Pik het my getroos met die een hand om my lyf en met die ander het hy my kop teen sy bors vasgedruk. Ek weet nie hoe lank ons so gestaan het nie, maar toe ek begin selfbewus voel en wegbeur, het hy sy hande op my skouers gesit en dié presiese woorde vir my gesê: "*Ek wens ek kon jou help, maar my hande is afgekap*." Terselfdertyd het hy 'n gebaar met albei sy hande gemaak om sy stelling te wys. (Interessant is dat hy latere jare ontken het dat hy dit ooit so gesê het. Ek het glo verkeerd verstaan. Hy sê hy het net bedoel niks kan daaraan gedoen word nie, want niks sal hulle kan terugbring nie.) Dit was die laaste keer dat ek hom gesien het, wat ek uiters vreemd gevind het van huisvriende van ons. Ek sou tog nie so teenoor my vriendin se kinders opgetree het nie. Ek sou kontak behou

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

het, al was dit net 'n oproep elke paar maande ten minste om te hoor hoe dit met hulle gaan en om enige hulp aan te bied.

Die begrafnis was 'n finaliteit en die laaste keer dat ek voor iemand sal huil. Nooit sal iemand weer die voorreg hê om my swak te sien nie. Die geweldige gevoel van alleenheid (met 'n magdom mense om my), verlore, die angs en die vreeslike onsekerheid, het ek nog nooit weer so intens ervaar nie.

Hoe kan ek verduidelik van nie weet wat, waar of hoe nou nie. Nog altyd was hulle daar om my te lei, beskerm, op te voed, te ondersteun en bo alles onvoorwaardelik lief te hê – en nou ? Nou het iemand besluit om hulle net eenvoudig uit die samelewing te verwyder, sonder enige gedagte aan my en Robert. Iemand wat hulle die reg toe-eien om my pa en ma eenvoudig net koelbloedig dood te maak. Die brutaliteit rondom hierdie moorde kan ek tot vandag toe nie verstaan nie. Was die messteke regtig nodig ? My kop kan nie verstaan hoe een mens 'n mes van by die 21 cm lank in 'n ander persoon kan wegdruk nie (en nogal 14 keer in my ma) al was hulle dood. Watter tipe monsters loop in ons land rond ? Dit bring my by die vraag oor "waarom?". Dié prominente man en sy vrou, wat hulle gedoen of eerder geweet het, wat so 'n grusame moord geregverdig het.

Nog steeds was die skokke nie verby nie. 'n Paar dae na die begrafnis het 'n dubbele skok op my gewag. Ek en Robert is ingeroep deur my pa se broer, Iaan Smit, en op 'n baie onemosionele manier vertel dat hy 'n veiling gaan hou. Ons moet solank begin kyk wat ons graag wil hou en veral meubelgewys, want dit is die groot probleem: hy het nie plek vir al die meubels in sy huis nie.

Ek het in ongeloof na hom gestaar. Ek kon nie glo wat aan die gang was nie. Hoe is dit moontlik dat hy ons dan gaan vat ? Waar kom dié besluit vandaan? Daar het my tiener rebelsheid begin, want ek het skielik besef ek het geen beheer oor wat met my lewe gebeur nie. Van die dag van die dubbele moorde af het alles verander.

Hier word besluite geneem oor die materiële dinge wat deel gevorm het van my hele bestaan en ek het 'n geringe sê, net oor watter meubels ek wou hou. Mense, vreemde mense, gaan die goed koop wat my ouers oor die jare dwars deur die wêreld bymekaar gemaak het. Dinge wat met groot sorg en smaak uitgesoek is, duur items, wat op 'n openbare veiling vir 'n appel en 'n ei

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

verkoop gaan word. Mense wat nie die geskiedenis of sentiment van elke liewe ding wat verkoop word, ooit sal ken nie.

Met die pakkery was ek nie so betrokke nie. Ek kon nie. Ek kan onthou ek het een middag alleen in die tuin rondgeloop. Toe ek agter by die asblikke kom, was daar baie dose met goed wat uitgegooi word. Ek het nader geloop om te kyk wat daar was. Tot my skok, heel bo-op die asblik, wat oorvol was, het my ma se Bybel gelê. Wie sou dit wou weggooi ? Tot vandag toe het ek dié Bybel en is dit die enigste een wat ek lees.

Die meubels is vandag 'n baie teer saak by my. Omtrent drie maande voor die moorde het ek en Robert elkeen 'n nuwe slaapkamerstel gekry. Ons kon dit self kies. Ons albei het denneboom-meubels gekies, want in daardie stadium was dit vir ons baie mooi. Natuurlik, toe ons voor die keuse geplaas word, het ons ons nuwe denne-meubels gekies. Ons het geen waarde geheg aan die stinkhout, geelhout en kiaat wat omtrent al die ander meubels in die huis uitgemaak het nie. Dit was te swaar en donker. My ouers het antieke stukke gehad, asook self-laat-maakte stinkhout meubels. Ek neem die familie kwalik dat hulle dié keuse aan ons oorgelaat het, want vandag – 20 jaar later – besef ek die waarde van dit wat ons laat gaan het na vreemde mense.

Die dag van die veiling het ek baie verlore rondgedwaal. Niemand het veel notisie van my geneem nie. Die massas vreemde en bekende mense wat rondgesnuffel het, het my siek gemaak. Ek het hulle as baie nuuskierig ervaar en ek het baie blootgestel gevoel. Ons hegte gesin se privaatheid was nou daar vir almal om in rond te krap en snuffel en in 'n kwessie van 'n paar uur dit uit my lewe te wil koop, saam met baie herinneringe wat ek nooit weer sou gehad het nie. Amper soos 'n uitveër wat goed uitwis vir ewig. Daar het ek 'n groot deel van my lewe verloor. As iemand iets by jou steel, en jy weet nie daarvan nie, sal jy nie sommer weer daaraan dink nie, want jy sien dit nie meer om te kan onthou nie.

Kort na die veiling is reëlings getref vir ons verhuising. Die feit dat ek nou na 'n plattelandse dorpie toe moes gaan, het my glad nie aangestaan nie. Ek en my ouers was 'n paar keer op my oom se plaas, omdat my broer, Robert (Junior), in Suid-Afrika by my oom agtergebly het vir die vier jaar wat ons in Amerika was.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Die plaaslewe het nie 'n indruk op my gemaak nie, want ek was en is nog steeds nie, so 'n tipe persoon nie. Ek het toe heftig teëgegaan. Ek wou nie gaan nie. Ek het baie moeilik geraak. My oom het aan my probeer verduidelik dat dit die beste vir ons sou wees. Ek wou nie verstaan nie en het gevra hoekom ek nie by Eben en Renate kon bly nie. (Nou besef ek hoe seer ek hom moes gemaak het. Hy het pas sy broer verloor en hier gooi ek sy goedhartigheid terug in sy gesig.)

Almal het nog gesukkel om die skok en pyn te probeer verwerk en toe sit hulle met my wat absoluut dwarstrekkerig was. Ek het egter vinnig besef dat daar vir my geen keuse was nie en dat die plaas nou my "*huis*" gaan word. Dié gedagte was totaal en al onaanvaarbaar. Om te verhuis was nie vir my vreemd nie en ek het deur die "motions" gegaan sonder enige emosie.

Omdat ons as familie altyd gevlieg het, was dit nog 'n nuwe ervaring vir my om af te ry Vrystaat toe. Dit het vir my gevoel of ons Amerika toe gaan. Dit was vir my die langste rit wat ek nog ooit beleef het.

Ek het Suid-Afrika ook nie baie goed geken nie en het geen idee gehad waar Clocolaan eens is nie. Met elke 10 km het dit vir gevoel ek beweeg al hoe verder weg van my eie lewe af. Dit was asof ek op pad hel toe was, want die bekende raak toe al hoe verder verwyder van my en die vreemde al hoe intenser.

My eerste indrukke van die plaashuis was baie negatief. Die huis was vir my klinies, styf en koud. Dit was nie soos die omgewing wat ek geken het nie. Mens kan sê die kultuurskok was geweldig. Ek het uit 'n baie anderse milieu gekom. Die plaaslewe het vir my vuil gelyk. Vir die eerste paar weke het ek regtig gesukkel. Ek gaan probeer verduidelik deur dié stelling te maak: waar ek vandaan gekom het, staan jy 5 minute op straat om 60 mense te sien, op die plaas se strate staan jy 'n halfuur om 2 mense te sien.

My oom en tannie was totaal ander tipe mense as my ouers. My ouers was baie fisiese mense en mense wat my geleer het om gevoelens te wys. Om 'n voorbeeld te noem: as ek en my ma bymekaar verbygeloop het in die gang, sou sy net daar stop en my 'n drukkie gee en sê: "*ek's lief vir jou*", en dan net weer aanloop. Sonder seremonie, dit was net haar manier. My pa en my ma het my altyd so spesiaal laat voel. Die verhouding wat ek met my ouers gehad het was van so 'n aard dat daar 'n ongekende spontaniëtiet tussen ons almal was. Daar was altyd tyd vir my, ongeag van die tipe lewe wat hulle

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

gelei het. Hulle het ons laat voel dat ons die twee belangrikste mense in hulle lewens was. Ons het altyd eerste gekom.

Toe ons op die plaas land en ek skielik moes aanpas by my nuwe omstandighede, moes ek terselfdertyd vinnig leer dat nie alle mense dieselfde is of lewe nie. Al is dit twee broers, verskil die twee geweldig baie in baie opsigte. My oom-hulle was baie goed vir ons, maar ons het uit twee verskillende wêrelde gekom en daar was nie begrip vir mekaar nie, juis uit die onkunde vir mekaar se situasies. Oom Iaan en tannie Polla was in 'n situasie waar hulle kinders al reeds 'n geruime tyd uit die huis was en skielik sit hulle met twee tieners in die huis. Dit moes ook maar vir hulle 'n geweldige aanpassing wees, maar nie naastenby so erg traumaties soos vir my nie.

Vir Robert was die verlies van sy ouers 'n geweldige skok, maar die aanpassing op die plaas het hy baie beter as ek hanteer. Wat hier in gedagte gehou moet word, is die feit dat Robert vir die vier jaar wat ons in Amerika was, juis hier by Oom Iaan-hulle gebly het. Hy het hulle goed geken, die lewenstyl, asook die mense Iaan en Polla Smit. Hulle verhouding was ook baie sterk en hulle het mekaar goed verstaan. Dit het my nog meer eenkant laat voel. Ek was nie deel van die geslote kring nie en omdat my opvoeding nie dieselfde was nie, kon ek ook nie met hulle kommunikeer nie.

Robert se geaardheid het goed ingepas by hulle, want sy lewenswyse en belangstelling was dieselfde as hulle s'n. Hy was 'n groot deel van sy vormingsjare juis by hulle. Ek dink dit is ook 'n groot faktor ten opsigte van my en Robert se verhouding - tot vandag toe nog - met mekaar.

Die tyd op die plaas was nie vir my maklik nie en ek het vinnig besef dat die enigste manier daardeur, alleen sou wees. Ek moes doodeenvoudig op my eie twee voete leer staan en alles wat my kant toe kom, goed of sleg, self hanteer. Ek moes vinnig leer om selfstandig te dink en om besluite self te neem. Daar was eenvoudig net nie meer daardie spesiale mense by wie 'n tienermeisie hulp, raad, ondersteuning en bo alles liefde kon kry nie.

As gevolg van die plaaslewe, was ons in 'n skoolkoshuis op Ficksburg. Ek was baie rebels daaroor, want weer eens het ek verwerp gevoel. Ek het seker vir twee weke lank in die koshuis gehuil, totdat my oom een oggend vroeg van Clocolaan deurgery het Ficksburg toe en vir my 'n brief gebring

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

het. Daarin het hy aan my verduidelik dat hulle nie 'n ander keuse het nie en onmoontlik nie elke dag heen en weer kan ry nie.

Ek kon nie verder daarteen stry nie, want dit het tog sin gemaak. Maar nog steeds kon dit nie die geweldige hartseer en verlore gevoel wegneem nie. Ek was totaal en al vreemd. Almal in die skool het van my geweet en na my gestaar, amper soos 'n perd op skou, en ek het niemand geken nie. Nie eens Robert was in dieselfde skool as ek nie. Die hele situasie het my baie bitter gemaak. Hoe kon "*sekere mense*" doodeenvoudig my hele lewe verander in 'n lewende hel ? Het hulle gedink, dis maar kinders, hulle vergeet gou en sal gou weer hulle lewens agtermekaar kry en kan aangaan ?

Die wreedheid rondom die moorde is nie naastenby so erg as die wreedheid van dit wat ek nog daarna moes deurgaan nie. Die verwarde, onsekere mens wat hulle van my gemaak het, sal ek die moordenaars en opdraggewers nooit kan vergewe nie. Hulle het van my broer 'n uiters verbitterde en harde mens gemaak. My broer was vir vier jaar sonder sy ouers en toe hy hulle terugkry, word hulle net eenvoudig weggeruk uit sy lewe vir ewig.

Hoe aanvaar 'n mens dit ? Die opdraende stryd wat ek moes voer om staande te bly en 'n goed aangepasde persoon te probeer wees, voer ek vandag nog steeds. Die lewe het nie maliker geword nie, inteendeel, toe ek die grootmens lewe betree, het dit by tye onuithoudbaar geword. Die slaggate waarin ek getrap het en die vele kere wat ek my kop gestamp het, sal ek nie eens hier noem nie. Al wat ek kan sê, ek het baie meer kere as die normale mens geval, en daar was nooit iemand om my op te tel nie. Ek moes myself maar weer optel, afstof en maar weer probeer.

Gebeure wat hoogtepunte in my lewe moes wees, het elke keer gepaard gegaan met 'n oorweldigende gevoel van hartseer. Die eerste keer dat ek geweldig hartseer was, was met my aanneming en voorstelling in die kerk. Die tweede keer was met my troue. Wat 'n wonderlike, blye dag moes wees, was naas die moorde seker die hartseerste dag in my lewe. Ek het die hele dag glad nie aan my ouers probeer dink nie. Mens kan seker sê ek het hulle probeer uitskuif uit my gedagtes, want anders sou ek dié dag vir almal bederf.

Maar toe dit by die seremonie kom en ek moet alleen instap (Robert was op 'n Lugmagkamp en kon nie my troue bywoon nie), kon ek nie meer nie. My pa moes dan langs my gewees het en daar staan ek stoksiel alleen. Die

oomblik was te intens en het my oorweldig. Ek kon nie beweeg nie. Oom Iaan het toe nader gestap, my aan my arm gevat en gesê: "*Kom, jou pa sou trots gewees het op jou vandag.*"

Ek het doodeenvoudig omgedraai, want ek kon nie my trane keer nie en uitgeloop. 'n Vriendin het na my toe gekom en mooi met my gepraat. Ek het toe besef: my ouers sou teleurgesteld gewees het as ek nie sterk genoeg kan wees nie. Ek het my reggeruk, my emosies agter mekaar gekry en eintlik heeltemal emosieloos deur my eie troue gegaan. Ek kan eintlik bitter min van my eie troue onthou. Ek weet net ek wou dit so gou moontlik agter die rug kry, wat definitief nie normaal was nie.

Nog 'n gebeurtenis in my lewe wat baie emosioneel was, was toe my dogtertjie gebore is. (Sy is my eerste kind). Toe ek die eerste keer dié klein wonderwerkie in my arms hou en ek kan bars van trotsheid, was die afwesigheid van 'n trotse Smit-oupa en -ouma wat moes koer oor hul kleindogter, 'n geweldige leemte in die hele scenario. My twee kinders is die voorreg wreed ontneem om hulle uitsonderlike grootouers te kon ken.

My dogter is nou 13 jaar oud. Sy weet van haar bekende oupa en ouma, maar sal nooit regtig weet watter besonderse twee mense hulle was nie. Hoe kan 'n mens verwag hulle moet iemand leer ken en verstaan as hulle reeds dood is ? Hoe verduidelik ek aan hulle watter promimente man hulle oupa was en hoe baie hy vir Suid-Afrika beteken het; watter belowende toekoms hy in ons land se politiek gehad het; watter briljante man hy was; watter uitmuntende ambassadeur vir ons land hy oorsee was – en dan: die harde feit dat sy eie mense vir wie hy so baie opgeoffer het, hom summier en so brutaal uit die samelewing laat verwyder het. Wat moet ek antwoord as hulle my vra "*hoekom*" ?

Dit maak mos nie sin nie. Ek moet aan hulle probeer verduielik dat Dr Robert Smit 'n onkreukbare man was. Sy eerlikheid het sy dood gekos. Wat leer my kinders uit dié bizarre storie ? Moenie eerlik wees nie ? Nee, ek moet aan hulle probeer verduidelik dat daar ongelukkig vreeslike bose mense saam met my pa gewerk het, sy eie kollega's, vriende, wat nie dieselfde karakter en beginsels as hy gehad het nie en dat 'n mens maar altyd jou rug moet dophou en NIEMAND kan vertrou nie. Is dit regverdig ? Weer eens wonder ek of die mense ooit kan besef watter impak hulle op my, en nou ook my kinders se lewens, gemaak het. Hulle het nie net twee

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

moorde gepleeg nie, maar ook wreedheid in ons lewens veroorsaak en ons as "*dooie lewendes*" agtergelaat vir die res van ons lewens.

Ek voer 'n baie eenvoudige bestaan vandag, glad nie die tipe lewenswyse waaaraan ek gewoond was nie. Ek kan nie help om partymaal te wonder hoe my lewe sou gewees het, as my ouers nog gelewe het nie. Ek kan met oortuiging sê: dit sou nie wees soos ek nou lewe nie. Ek sou baie verder in die lewe gevorder het, want ek sou die geleenthede tot my beskikking gehad het ten opsigte van verdere studie. Ek sou waarskynlik ook nie op die ouderdom van 18 getrou het nie. Ek dink ek sou 'n beter aangepasde en selfstandige mens in die samelewing gewees het.

Finansiëel sou dit ook beter met my gegaan het. Ek het deur onkunde en die verlies aan 'n verantwoordelike persoon, my erfgeld in swak besigheidsbesluite verloor. Dit is nie iets waarop ek trots is nie. Ek hou glad nie daarvan om daaroor te praat nie. Ek moes nooit toegelaat het dat dit gebeur nie. Ek het gefaal en om dit te sê en te moet erken, is nie maklik nie, want weer eens speel my ouers 'n belangrike rol rondom my gevoelens. Ek voel skuldig dat ek die geld wat hulle vir my gelos het (nie uit vrye wil nie, hulle het nie 'n sê gehad in hulle dood nie), verloor het. Dié geld het hulle deur koeëlwonde en messteke vir my gelos, 'n geweldige prys wat hulle moes betaal en ek kan nie oordeelkundig daarmee werk nie. Die erfgeld was ook nie veel nie. My pa se boedel was eintlik baie klein vir 'n man van sy statuur. Emosioneel sowel as finansiëel ly ek vandag nog as gevolg van die sinnelose daad.

Afsluiting:
Ek het nou probeer verduidelik watter effek my ouers se dood op my lewe gehad het. Om regtig op papier te probeer neersit hoe ek dit ervaar het en hoe hulle afwesigheid in die laaste amper 20 jaar my lewe geaffekteer het, sou eintlik onmoontlik wees. Vir my is dit moeilik om te verwag dat iemand anders dit moet kan verstaan, behalwe as hulle self deur die trauma gegaan het. Om 'n ouer of albei te verloor is nie uitsonderlik nie, maar die manier waarop ek myne verloor het – deur iemand wat hulle die reg toege-eien het om self te besluit op my ouers se lewe deur hul eie selfsugtigheid en hulle op die wreedste moontlike manier te vermoor, is uitsonderlik. Ek sal ook nie sê dit sou makliker gewees het as hulle in 'n motorongeluk gesterf het nie, maar dit is 'n aanvaarbare dood. Die onreg wat ek en my broer aangedoen is, is onaanvaarbaar.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Ek weet nie of ek in my doel geslaag het om aan u 'n kykie te gee in my lewe nie. Ek weet net dat dit vir my uiters moeilik was om dié te skryf. Ek het vir die eerste keer in my lewe my siel ontbloot. Nog niemand het die voorreg gehad om te hoor hoe ek gely het nie. Ek het deur die jare geleer om 'n front voor te hou en ek het 'n meester geword op voorgee. Ek wou nog nooit aan die verantwoordelike persone of aan die wêreld die voorreg gee om my deurmekaar lewe te kan sien nie, om te kan sien hoe swak en stukkend ek regtig hier binne is nie. My pa en ma sou van my verwag het om sterk en staande te bly en elke terugslag (en daar was baie) met 'n positiewe houding te bowe te kom. Ek weet ook ek is 'n mens op my eie, met 'n eie persoonlikheid, maar ek bly Robert en Jeanne Smit se dogter – dit opsig self is vir my moeilik.

Maar, daar kom tye dat ek tog in die spieël moet kyk en na die regtige Liza moet kyk. My persoonlikheid en totale menswees is deur dié mense verander. Ek weet, want die regte Liza is binne my weggesteek.

Om nou deur alles te gegaan het wat 20 jaar gelede gebeur het, het nou amper weer dieselfde seer, stukkende en verwarde mens geskep. Om weer deur die moordhuis te stap, het aan my gewys, ek het, en sal daardie ervaring nooit kan vergeet nie. Ek het net nooit weer daaraan gedink nie. Ek het dit afgesny en weggebêre in my gehou. Maar nou sien ek elke bloedspatsel. Is dit regverdig ?

Ek het soveel kere self probeer rondsnuffel en so gehoop ek kan uitvind hoekom die moorde nodig was. My ervaring is egter dat dit die bes bewaarde geheim in dié land van ons is. Die lewe het aan my gewys dat daar 'n rede vir alles is wat gebeur – wat is die rede hier ? Mens hoor min dat 'n prominente man, soos my pa, 'n politikus, vermoor word. In dié geval is dit nie net 'n bekende geval of onopgelosde moord in Suid-Afrika nie, maar internasionaal ook. Robert Smit was 'n persoon wat dwars deur die wêreld bekend was vir sy uitsonderlike kennis en integriteit. ('n Man wat ek die trotse voorreg ontneem is om te kan ken.) My pa sou ook nie oor 'n onbenulligheid drama veroorsaak het nie. Die politiek was sy loopbaan en 'n uiters belowende loopbaan het voor hom gelê. Dit waarop hy moes afgekom het, moes 'n geweldige skok vir hom gewees het en die omvang daarvan uiters groot.

Ek is te naief en oningelig om sin te kan maak van alles wat ek uitgevind en gehoor het. Daarom vra ek vandag aan u om my te help. Help my om by

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

die waarheid uit te kom. Dit is al waarin ek belangstel. Ek soek nie vergelding nie. Ek koester geen wrok nie. Ek wil net kan verstaan en weet "*hoekom*". Ek soek berusting dat ek op 'n manier kan aangaan met my lewe en probeer om op een of ander manier 'n kwaliteit lewe te lei. Om nie te weet hoekom ek alleen, sonder die belangrikste mense in my lewe, die enigstes wat jou onvoorwaardelik aanvaar en liefhet, deur die lewe moet gaan nie, is vreeslik moeilik om te aanvaar.

Die WVK staan mos vir die waarheid en versoening. Het ek en my broer nie die reg om die waarheid te weet nie ? Ek voel die tyd is nou ryp en dat ons geregtig is op die waarheid, die volle waarheid. As 'n laaste poging wend ons ons nou tot u. Ek gee aan u alle inligting wat ek bymekaar gemaak het en is bereid om u op enige manier van hulp te wees. Die waarheid moet nou uitkom, sodat die duisternis en geheimsinnigheid wat die saak, sowel as ons lewens omring, vir ewig kan verdwyn.

Geskryf te Pretoria gedurende die week van die 18de tot die 23ste Augustus 1997.

Die uwe

ELIZABETH JOYCE VAN SCHALKWIJK GRUNDLINGH (NEE SMIT)

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 2. Smit seun: Robert Smit se persoonlike ervaring

My lewe het met 'n oogwink verander. My pa en ma is weg vir ewig, en ek is maar net 15 jaar oud. My pa is terug in Suid-Afrika vanaf Washington DC. Ek is besig met my standerd 7 eindeksamen. Dit was nog net 'n week of wat skool, dan is ons as familie wat saam bly, die tweede keer saam vir Kersfees. (Ek het in Suid-Afrika agtergebly toe my ouers en suster Amerika toe is. Die vorige jaar was die eerste Kersfees sedert hulle terugkeer uit Amerika dat ons as gesin wat in een huis bly die feestydperk kon vier). Min het ek geweet die tweede Kersfees saam sou nooit plaasvind nie.

Toe ek my pa vra hoekom hy so lank in Amerika moet werk, was sy antwoord: *"My seun, ek doen dit vir ons land Suid-Afrika. Ek is lief vir ons mense."*

My ouers se moord is oor die radio uitgesaai eers die oggend na die moorde. Die skoolhoof (Mnr C.M. Moll) het my geroep en aan my gevra of ek lekker eksamen skryf. Hy het my saam na sy kantoor toe geneem. My neef, Eben, sy vrou, Renate, asook Liza, my jonger suster, het alreeds daar gesit.

Eben het gesê dat my ouers in 'n ongeluk was. Toe kom die verskriklike woorde dat my ouers dood is. Dit het soos 'n skokgolf deur my liggam gegaan. Ek kon dit glad nie verwerk nie. Ons het Sondagaand nog saam met my ouma by "Meat & Eat" gaan eet.

Die volgende dag het gevolg na 'n nag sonder slaap. Ek het die hele nag gelê en dink hoekom doen God dit teenoor my en Liza. Wat het ons dan gedoen om dit te verdien. Ons was dan so lief vir ons ouers. Hulle was ons alles. Die pers het ons onophoudelik gepla, foto's geneem. Die mense het net een doel voor oë gehad en dit is om die eerste foto en die beste storie te kry oor die Smit-moorde.

Oom Iaan, my pa se broer, het ons na sy plaas geneem in die Oos-Vrystaat, op Clocolaan. Die rede: niemand het kans gesien om na ons te kyk in daardie stadium nie.

Die Moord- en Roof Eenheid het ons na die moordhuis geneem op Springs. My ouers se bloed het nog net so daar gelê. Ons is gekonfronteer met baie

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

vrae. Ek en my suster se vingerafdrukke is by die polisiestasie geneem. Ons was baie verboureerd. Niemand het aan ons gevoelens gedink nie.

Die grootste hartseer en verbitterde oomblik van my lewe het aangebreek. My ouers se begrafnis op 26 November 1977. Dit was om 10:00 in die Hervormde Kerk Waterkloof. Die teks was Efesiërs 6 vers 11 tot 13.

Ek het my pa se kis help graf toe dra. Al was ek net 15 jaar oud. My pa was maar net 44 jaar oud. Al my pa en ma se familie asook vriende was daar. Al sy kollega's van die regering, en daar was baie van hulle.

Een ding wat my nog steeds pla, is dat tot vandag toe nog nie een van daardie kollega's ons gevra het of ons hulp nodig het nie. Hulle het nie eens probeer kontak hou of navraag oor ons gedoen nie.

Na die begrafnis is ons plaas toe. Alles is verby. Ons familie is gebreek. Die lewe gaan mos aan sê hulle. Dit was 1978. Liza is na Ficksburg Hoërskool en ek na die Tegniese Hoërskool Ficksburg.

Ek het heeltemal in my dop gekruip. Ek was skaam, terneergedruk, hartseer, opstandig en heeltemal deurmekaar. Ek moes my sterk hou en by my suster staan. Ek het baie vir haar in die koshuis gaan kuier.

Die polisie het my herhaaldelik verseker dat hulle onophoudelik al die top speurders aan my ouers se moorde laat werk.

Toe ek klaar is met skool, het ek Lugmag toe gegaan. Ek het daar besef my ouers se moorde sou nooit opgelos word nie. Daar was te veel mense in die regering van daardie tyd wat betrokke was.

Oom Iaan en tannie Polla was al ou mense en ons was twee tieners sonder liefdevolle ouers wat na ons kon omsien. Ons het self die lewe aangepak soos twee weeskinders.

Ek is in 1983 getroud en het nou drie kinders. Met my erfgeld het ek 'n huis gekoop en op die myn gaan werk as 'n skofbaas. Ek het na sewe jaar op die myn 'n besigheid begin saam met 'n vennoot in 'n BK. 'n Kwekery genaamd Brunfelsia. My vennoot het begin drink en nie meer kom werk nie. Ek kon nie die werklas alleen dra nie. As my pa nog gelewe het, kon ek by hom vir raad gaan aanklop. Ten einde het ek al my geld verloor. (Ek is

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

aanvanlik gevra om R250 000 te betaal vir die helfte van die aandele van die besigheid, maar toe ek uit die besigheid wou kom, is aan my gesê die besigheid is nie eens R30 000 werd nie).

Ek moes ons huis verkoop op Klerkdorp en Pretoria toe trek om 'n nuwe begin te maak. Ek het daar toe weer 'n nuwe besigheid begin onder die naam "Rob's Shop" in Pierre van Reyneveld.

Dit het toe goed gegaan vir een jaar. Toe begin alles weer skeefloop. Daar word herhaaldelike kere by my winkel ingebreek. Ek was naderhand so diep in die skuld, deurdat ek deur dik en dun alles moontlik wou doen om my winkel van ondergang te red. Op die ou end was ek op my knieë gedwing en het myself laat sekwestreer.

Ek wou my lewe glad nie so gehad het nie. Op 33 jaar kry ek toe 'n senuwee-ineenstorting. Ek het selfmoord oorweeg. Ek kon dan minstens by my ouers wees. Ek het weer opgestaan en gaan werk soek. Dit was vir drie maande lank onsuksesvol. Ons wou nie trek nie, want my vrou was in die eiendomsbedryf en het goed gedoen, maar dit kon ons nog steeds nie van ondergang red nie. Die skuld was te veel. Die kinders was gelukkig in Garsfontein Laerskool.

Ek is weer terug myn toe. Die keer Rustenburg Platina onder die Gencor Groep om my beroep voort te sit as skofbaas. Ons bly tans in 'n mynhuis.

As ek aan my lewe terugdink, was my lewe onaangenaam en leeg sonder my ouers. Maar God het my weer ryklik geseën met drie kinders en 'n vrou. Ek hoop uit my hart dat die WVK my ouers se moorde sal oplos, want ek glo dit is nou die laaste uitweg vir ons twee, vir my en my suster.

My en Liza se oudste kinders is vandag al amper 15 jaar oud en dit bring weer baie herinneringe terug. My ouers se moorde sal vanjaar op 22 November 20 jaar oud wees, sonder dat dit opgelos is.

My pa se foto hang bokant my dubbelbed. As ek elke oggend om 01:30 opstaan om te gaan werk, kyk ek eers daarna en dink hoe dit kon gewees het as hulle vandag geleef het.

Ek sukkel nog om op my voete te kom, want vir my was dit nog altyd net 'n harde, eensame pad.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Hier waar ek sit en my lewensverhaal skryf, is ek 'n baie hartseer man en sal die leemte en gemis nooit weggaan nie.

Ek haal die teksvers aan wat Dr L.M. Le Roux voorgelees het twintig jaar gelede by die begrafnis:
"*Trek die volle wapenrusting aan wat God aan julle gee, sodat julle op julle pos kan bly, ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld.*"

Geskryf te Rustenburg op die 22ste dag van Augustus 1977.

Die uwe

ROBERT VAN SCHALKWIJK SMIT (JNR)

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 3. Die jongste bewerings

Sowat twee jaar gelede, in 1995, het ons die jongste bewerings die eerste keer gehoor. 'n Joernalis van Rapport, Anelia Blackly, het met ons 'n onderhoud kom doen om te hoor of ons die WVK gaan versoek om ons ouers se moorde te ondersoek. (In daardie stadium was ons nie seker of die moorde wel deur die WVK ondersoek kan word nie). Anelia het vir ons 'n afskrif gegee van 'n berig wat deur Rapport joernalis J.J. van Wyk geskryf is (sien Aanhangsel 1) oor nuwe bewerings wat deur 'n oud-lid van die Taakmag gemaak word oor ons ouers se moorde. (Die storie is nooit gepubliseer nie).

Volgens van Wyk se berig is ons ouers deur lede van die Taakmag vermoor. Die berig verwys na twee bronne – een word aangegee as Francois Willem Oosthuizen – wat drie oud Taakmag lede van die moorde beskuldig met die moontlikheid van die betrokkenheid van 'n vierde persoon. Anelia het aan ons gesê die drie persone wat van die moorde beskuldig word, is Roy Allan, Jack Widdowson en Krullebol Verwey wat volgens die berig 'n vertroueling van Lang Hendrik van den Berg van BOSS was.

Die berig het ook beweer dat een van die beweerde beskuldigdes (Roy Allan) die bewerings ten sterkste ontken, maar erken het dat sy gewese vrou (Ida Allan) by ons pa gewerk het, maar nie meer daar gewerk het ten tye van die moorde nie. Hy sou ook gesê het dat daar na die moorde in die Taakmag gerugte was dat Kol Verwey by die moorde betrokke was.

Die berig het verder gelui dat Francios Willem Oosthuizen beweer het dat hy ons pa se vermisde aktetas (minstens 2 van sy tasse word vermis sedert die moorde) in sy besit het. Hy het glo die aktetas uit kol Verwey se kluis gesteel.

Oosthuizen het glo ook beweer dat Verwey nie aan 'n hartaanval dood is nie, maar geskiet is en dat dit soos selfmoord laat lyk is. Verwey sou glo geskiet gewees het omdat daar vermoed is dat hy die aktetas as sekuriteit gevat het.

Rapport het voortgegaan en gesê hulle kon nie bewyse vir die bewerings vind nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Die woorde RAU TEM sou volgens die bewerings ook verband hou met die name van die beweerde betrokkenes: naamlik R A LL en nie RAU nie.

Volgens ander lede van die Taakmag met wie Rapport gepraat het, was daar glo gerugte oor kol Verwey se moontlike betrokkenheid. Die ander twee genoemdes (Allan en Widdowson) was glo vertrouelinge van kol Verwey.

Daar word ook beweer dat sommige oud-lede van mening is dat die taakmag so 'n operasie (die moorde) sou kon uitvoer. Verder is daar gesê dat ons ouers vermoor is omdat ons pa op iets afgekom het oor ongerymdhede in regeringskringe. Volgens die berig het ons pa se aktetas wat deur Oosthuizen gesteel is sy tjekboek, kredietkaarte en 'n verslag aan mnr John Vorster bevat. Oosthuizen het glo ook melding gemaak van rekening nommers en name wat op die verslag genoem word. Die verslag sou glo verband hou met Switserse bankrekeninge met Suid-Afrikaanse aandeelhouding.

Volgens Oosthuizen het hy per ongeluk op die tas afgekom en is daar glo op hom geskiet.

In 1995 het die joernalis, Alet van Rensburg, (toe van die SAUK-radionuus) vir ons vasgestel dat Roy Allan tans by Fidelity Guards by die Johannesburg Internasionale Lughawe werk.

Ons het in daardie tyd nie die bewerings verder opgevolg nie, maar het vasgestel dat die Ondersoekspan van die Transvaalse Prokereur-generaal wel aan die bewerings werk en dit ondersoek.

Vroeër vanjaar (1997) het die gerugte weer na vore gekom. 'n Joernalis van Beeld, Peet Bothma, het berigte geskryf waarin hy weer die bewerings van Oosthuizen genoem het.

Sedertdien het ons self die bewerings probeer opvolg en ek (Liza) het ontmoetings gehad met onder meer Roy Allan en Oosthuizen. Ek sal die besonderhede van ons eie ondersoek in latere gedeeltes van die voorlegging hanteer.

In 1995, het Anelia Blackly, ook aan ons gesê dat daar 'n eiland in die Vaalrivier is wat deur die ou NID gebruik is vir die beplanning van geheime operasies. Volgens een van haar bronne is ons ouers se moorde ook hier

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

beplan. Sy het ook aan ons foto's van die eiland gegee en gesê die eiland behoort glo aan RAU en word aan NID verhuur.

Ons wil graag hier byvoeg, dat hoewel ons steeds nie weet of daar enige waarheid in hierdie bewerings steek nie, omdat ons tot dusver geen fisiese bewyse kon vind nie, ons glo dat ons wel naby aan "*iets*" gekom het, want nog nooit voorheen tydens ons ondersoeke was daar soveel "*beweging*" en 'n geskarrel om bewerings te ontken nie.

Nog nooit voorheen is ek (Liza) ook so gedreig en gepla soos die afgelope paar maande sedert ons hierdie bewerings begin ondersoek het nie. Oor die afgelope paar maande is ek indirek gedreig ('n oud-lid van DKI, Gerhard van Rensburg, het aan die joernalis, Alet van Rensburg, gesê "*die Smit-kinders beter oppas, anders hou ons weer begrafnis, hulle begrafnis*"); kort hierna het my (Liza se) motor se remme gefaal, net drie weke tevore is daar aan my motor se remme gewerk en die motorwerktuigkundige het bevind dat daar 'n moer weg was wat onmoontlik nie self kon uitgeval het nie; ek het by die huis gekom en gevind dat 'n verwarmer wat ek afgeskakel het nadat ek kort te vore uit die huis is, weer aan is; my elektriese kombers het 'n kortsluiting gehad en ons het gevind dat die drade van die kombers (wat slegs 1 jaar oud is) geknip was; tydens ons ontmoeting met die WVK in Julie het 'n vreemde man ons kinders by Liza se huis genader en gevra om die telefoon te gebruik omdat sy motor kwansuis onklaar geraak het, maar toe hulle weier jaag hy weg in die "*stukkende*" motor, ons het later uitgevind dat die motor vals registrasie nommerplate gehad het; ek (Liza) het dreigoproepe by die werk ontvang van 'n ouerige man wat van 'n selfoon af bel en wat aan my gesê het ek moet my ondersoek staak, want "*dit gaan oor veel meer as die Smit-moorde*" en "*jy besef nie die omvang van die ding nie*" en toe weer later "*dis die laaste keer dat ek praat*" en "*die ys word dunner, oppas dat dit nie breek nie*".

Ons ondersoek het al ver gegaan en ons sal nou onder verskillende hoofde daarmee handel.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 3. B. Persone re jongste bewerings

### (i) Willem Francois Oosthuizen

In 1994, soos voorheen genoem, het joernalis J.J. van Wyk 'n berig vir Rapport geskryf (wat nooit geplaas is nie) wat gehandel het rondom die beweringe gemaak deur Willem Francois Oosthuizen (Oosie). In Mei 1997 het joernalis Peet Bothma van Beeld wel die storie gedra. Dit het my (Liza) weer laat dink aan J.J. van Wyk se berig. Ek het met Peet Bothma kontak gemaak en aan hom gesê ek het die beweringe al gehoor en dat ek weet na wie daar verwys word as die moordenaars. Vandaar het my soektog weer begin.

Ek en my "mede-speurder", joernalis Alet van Rensburg, het afgery Goedemoed gevangenis toe om self met Oosie te praat. Hy het aan my 'n skriftelike verklaring gegee wat hy al in my 1996 geskryf het (sien Aanhangsel 2). Verder heg ek ook 'n beëdigde verklaring van Oosie aan wat behoort aan die Transvaalse PG se Ondersoekspan en aan my beskikbaar gemaak is. (Sien Aanhansel 3). Die PG teenoor die PG bevat meer detail. Daar is wel 'n paar verskille. Wat seker in ag geneem moet word, is dat die moorde al 20 jaar gelede gepleeg is en dat sekere feite al vergete kan wees.

My persoonlike opsomming van Oosie is dat hy self nie my pa se aktetas (wat sedert die moorde vermis word) kon gesteel het soos hy beweer nie. Dat hy wel die tas kon gesien het, kan ek aanvaar, aangesien die tas deur nog 'n persoon, Joop Smit, Dries Verwey se motorbestuurder) gesien is. (Ek behandel Joop later). Dat Oosie self die inhoud van die tas gesteel het en oorsee in 'n kluis versteek het, maak ook nie vir my sin nie. Ek is wel van mening dat hy op een of ander manier hiervan uitgevind het en dat hy wel weet waar die inhoud van die tas is. By navraag oor wat hy van my verwag, het hy gesê: "*Niks nie. Ek soek nie geld nie, ek het genoeg.*" Hy wil egter met die PG onderhandel oor sy tronkstraf. (Hy dien 10 jaar uit vir medepligtigheid tot moord op een van Fidelity Guards se werknemers.) Hy het aan my gesê hy wil heraangestel word in sy pos, in die rang wat hy vandag sou beklee het vir ten minste een jaar.

'n Belangrike diskrepansie, wat ek met Oosie opgehaal het, is die feit dat hy een jaar uit is met sy storie. In die skriftelike verklaring wat hy aan my gegee het, sê hy die jaar van die moord was 1978 en nie 1977 nie. Hy kan

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

nie 'n verduideliking hiervoor gee nie en bly by wat hy in sy verklaring sê. Dit kan dalk 'n bona fide fout wees of daar kon met sy persoonlike diensrekords gepeuter gewees het sodat sy storie een jaar uit is.

Nog 'n aspek wat nie sin maak nie, is dat hy onder meer sê Robert Smit se kredietkaarte en tjekboek was in die tas (volgens sy skriftelike verklaring) en dat daar R. Smit op die tjekboek en kredietkaarte gestaan het. Dit sou beslis nie so gedruk gewees het nie, maar eerder R. v. S. Smit (ons pa se volle name). Die tweede punt rondom die tjekboek is dat Oosie sê die tjekboek was van 'n bank in Springs, terwyl ons pa by Barclays Bank in Pretoria gebank het. Robert Smit het ook nie Master of Visa kaarte gehad nie, maar wel 'n "American Express" kaart. Ons het bewyse van die bankstate en rekeninge.

Wat ingedagte gehou moet word is die items op die inventaris (wat deur die polisie opgestel is oor items wat net na die moorde uit een van ons pa se aktetasse verwyder is – sien Aanhangsel 4) verskyn. Daarop is item nommer een juis Robert Smit se Barclays Bank tjekboek. Ek het dit nie aan Oosie genoem nie.

Ek wil die Kommissie graag spesifiek versoek om op die saak rondom die aktetasse (sien meer onder 'n latere punt) in te gaan. Waar is die items wat volgens die inventaris uit die tas verwyder is ? Daar word ook onder punt 13 op die inventaris gesê dat 'n "*Texas Instruments Elektroniese Rekenaar*" uit die tas verwyder is. Met Robert Smit se talle besoeke oorsee, het hy die rekenaar aangeskaf. Die rekenaar het oor 'n geheue beskik. Waar is die rekenaar ? Is die inventaris op die dossier ? Is Robert Smit se ID dokument (ons het dit nie, net ons ma s'n), die tjekboek, die rekenaar, ens by die dossier ? Indien nie, wie het dit gevat ?

Oosie het ook beweer dat daar op die "*amptelike dokument*" wat in Robert Smit se tas was en aan John Vorster gerig sou wees, 'n lys name van vyf kabinetsministers verskyn het, wat glo by valutabedrog betrokke was. Hy beweer die name sluit in:

- Oud-Minister Pik Botha
- Oud-Minister Connie Mulder
- Oud-Minister en Oud-Staatspresident Nico Diedericks
- Oud-Minister en Oud-Staatspresident P.W. Botha
- En Oud-Minister Chris Heunis

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 3.B. Persone re jongste bewerings (vervolg)

### (ii) Joop Smit

Joop Smit is die tweede persoon wat soortgelyke aantygings as Oosie gemaak het. Ek het lank probeer om met hom kontak te maak nadat die bewerings weer na vore gekom het. Ek was onsuksesvol. Op 20 Junie 1997 het joernalis Peet Bothma van Beeld my gebel en gesê hy het Joop Smit op Johannesburg Internasionale Lughawe ontmoet. Hy sê Joop het hom gebel en gesê hy is daar. Wat interessant was, was dat ek later by een van die geimpliseerdes, Roy Allan, verneem het, dat Joop van Durban opgevleig het om hom (Roy) te sien. Dit vind ek uiters vreemd. Hoekom het Joop vir Roy kom sien as hy juis vir Roy Allan daarvan beskuldig dat hy by die Smit-moorde betrokke was ?

Dieselfde aand nog het Joop my gebel (Peet Bothma het hom die nommer gegee). Joop het aan my gesê hy wil graag met my praat, maar het geweier om oor die telefoon te praat. Hy wou hê ek moes hom in Durban besoek.

Ek het aan hom verduidelik dat dit vir my in daardie stadium onmoontlik was om Durban toe te gaan. Ek het hom gevra of hy wel die tas in Kol Verwey se kluis gesien het. Hy het "*ja*" geantwoord. Hy het weer eens gesê hy wil nie met my oor die telefoon praat nie. Ek het vir hom gesê dit is moeilik om hom te besoek en weer 'n vraag gestel. Ek het gesê ek hoor hy beweer dat Roy Allan by die moorde betrokke was. Hierop het hy gesê: "*Beslis, ja, en Widdowson.*" Toe sê hy, hy het klaar te veel gesê en dat as ek meer wou weet ek hom moes gaan sien.

My regsverteenwoordiger, Adv Hendrik Gey van Pittius is vir sake Natal toe. Ek het van hierdie kant af telefonies verskeie kere met Joop probeer kontak maak, maar nie daarin geslaag nie. Adv van Pittius het in Durban ook probeer en selfs na C.R. Swart Polisiestasie gegaan (waar Joop tans werk) gegaan. Ook hy was onsuksesvol.

Dit is vir my baie belangrik om met hom kontak te maak, omdat die twee persone, Oosie en Joop, twee onafhanklike persone is wat soortgelyke bewerings maak.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Ek kon Joop Smit nie in die hande kry nie – tot nou onlangs, in die week van 18 – 22 Augustus 1997. Ek het op 19 Augustus telefonies kontak met hom gehad. Weer eens wou hy nie oor die foon praat nie, maar hy was beslis meer toegeneë teenoor my. Hy het oor sy destydse werk by Kol Dries (Krullebol) Verwey uitgebrei. Hy het gesê dat hy pal by Verwey was en baie dinge gehoor en gesien het. Hy het ook gesê dat Kol Verwey 'n vertroueling van BOSS se Generaal "Lang" Hendrik van den Bergh was. Hy het verder beweer dat Generaal van den Bergh die opdrag vir ons ouers se moorde aan Kol Verwey gegee het. Joop wou nie verder uitbrei nie en het aan my gesê daar gebeur vreemde dinge by hom. Ek het afgelei dat hy redelik bang was.

Op 21 Augustus 1997 om 23:00 het Joop my gebel. Hy het beweer dat iets "*eienaardigs*" die aand by hom gebeur het. "*Ek is kwartiermeester en vanaand (21-08-97) loop 'n ou 'Takie' binne en opper die Smit-moorde by my. Na my gesprek was ek bekommerd en moes ek jou eers bel om te hoor of jy 'Okay' is.*" By navraag oor wie die ou "Takie" (Oud-Taakmaglid) is, wou hy glad niks sê nie. Ek het aan hom gesê: "*Joop, ek's 'Okay', al word ek gedreig.*" Hy het heftig gereageer en gesê: "*Nee, JY word nie gedreig nie.*" Wat ek deur die lyne gelees het, was dat Joop gedreig is. Die res van die gesprek het rondom ons submissie aan die WVK gegaan. Hy wou glad nie hê ek moes sy naam noem nie. Hy het ook gesê daar is nie 'n manier waarop hy voor die Kommissie sal verskyn nie.

Joop het toe gesê hy wil graag 'n foto van Robert Smit sien, want dit sal hom dan in staat stel om presies vir my te kan sê wat gebeur het. Ek het aangebied om 'n foto aan hom te faks, maar hy het geweier. Toe het ek Robert Smit aan hom beskryf. Net daar begin hy toe met 'n heel ander storie. Hy sê toe: "*Nee, dis beslis nie die man wat ek in gedagte het nie.*" Ek kon toe glad nie die skielike ommeswaai verstaan nie. Ek vra hom uit, maar hy bly ontken dat hy nou enigiets weet. Ek vra toe rondom Roy Allan. Sy antwoord was: "*Nee, nee, hy's 'n klein vissie.*" Skielik beskerm hy toe die mense wat hy juis voorheen geimpliseer en beskuldig het. Hy sê toe hy wil nie oor die foon praat nie, dat ek moet afkom Durban toe en dat ek dan alles sal verstaan.

Op Vrydag 22 Augustus 1997 om 20:30 bel Joop my weer. Die keer is sy houding heeltemal anders. Hy deel my mee dat sy dogter dood is en dat dit blykbaar selfmoord was. Hy is baie omgekrap. Hy sê aan my: "*Liza, sien*

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988

## 3.B. Persone re jongste bewerings (vervolg)

### (iii) Roy Allan

Na aanleiding van joernalis Peet Bothma se berig in Beeld van 30 Mei 1997 (sien Aaanhangsel 5) het ek (Liza) en 'n vriendin, wat 'n vryskut-joernalis is, Alet van Rensburg, weer kontak gemaak. Ek het Alet ongeveer drie jaar terug ontmoet met 'n vorige ondersoek om antwoorde op die baie vrae rondom die moorde te probeer vind. Soos vroeër genoem was ek al bewus van die beweringe rondom Roy Allan, Jack Widdowson en Kol Dries Verwey. Ek en Alet het saam besluit om die beweringe verder te ondersoek. Die eerste persoon op ons lys van wie ons wou besoek, was Roy Allan.

Op 2 Junie 1997daag ek en Alet onverwags en onaangekondig by Fidelity Guards se kantoor by die Johannesburg Internasionale Lughawe op. Dit is waar Roy Allan werk. Alet het haarself voorgestel aan Roy Allan, maar nie vir my (Liza) nie. Sy het aan hom gesê dat sy graag met hom wil praat rondom die beweringe dat hy een van die moordenaars van Robert en Jeanne Smit was. Hy was verbaas en baie senuweeagtig. Hy het ingestem en glad nie uitgevra oor wie ek was nie, of enigsins na my gekyk nie. My indruk was dat hy presies weet wie ek is. (Hy het later ontken dat hy geweet het.) Ek sien die situasie so: Sou dit ek wees wat van moord beskuldig word en 'n joernalis daag by my op met nog 'n persoon en stel net haarself voor, sou ek definitief eers wou weet wie die ander persoon is om te bepaal of ek voor die persoon praat of nie. Roy Allan het my so te sê geheel en al geignoreer. Dit was vir my nie normale optrede nie.

(Sien beëdigde verklaring deur Alet van Rensburg – Aanhangsel 6)

My indruk van die ontmoeting was dat Roy Allan baie senuweeagtig was. Ek het hom beslis geintimideer.

Die enigste erkening wat Roy Allen aan my gegee het was toe hy ons koffie aanbied. Dit het ook skielik gebeur. Alet het aan hom gevra wat hy haar kan vertel in verband met die sogenaamde *"Z-squads"*? Dit het Roy Allen duidelik onstel, in so 'n mate dat hy opgevlieg het en beslis gesê het *"Nee-niks"*, terwyl hy deur toe geloop het. Hy het uit die kantoor uitgeloop en na binne 10 sekondes teruggedraai, en toe gevra of ons wil koffie hê. Hy was definitief onkant gevang, en uiters senuweeagtig.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Die 15de Augustus het ek weer self met Roy Allen kontak gemaak. Ek wou hom self sien om sekere goed by hom uit te klaar. Dit was na my besoek aan Oosie in die tronk. Hy was uit die aard van die saak verbaas om van my te hoor, en baie antagonisties aan die begin van die gesprek. Ek het aan hom gevra of hy kwaad is vir my, waarop hy 'n besliste *"Ja"* geantwoord het. Hy was onsteld oor ons vorige ontmoeting. Spesifiek dat ek nie aan hom voorgestel is nie. *"Jy kom sit hier, as wyle Robert Smit se dogter en doen nie die moeite om jouself voor te stel nie. As jy dink dit is eties korrek, verskil jou en my waardes heelwat"* (Ek wou lag oor die stelling. Ek het hom kalmeer deur te sê dat ek onder die indruk was dat hy geweet het wie ek was. (Wat ek wel nou nog glo). Hy het toe aan my gesê *"Ek het geen probleem om met jou te "chat" nie"*, maar dat hy uitstedig gaan wees tot die volgende Maandag.

Maandag het hy my nie gekontak nie. Die Dinsdag 19 Augustus 1997 het ek hom weer gebel. Hy het toe vir dieselfde dag 'n afspraak met my gemaak. (Dit is die eerste keer wat ek hom weer gesien het). Hy het aangedring daarop dat ek alleen kom, en dat hy geensins belangstel om met my advokaat te praat nie.

Ek het hom by 'n koffiekroeg ontmoet en my formeel aan hom voorgestel. Hy was vriendelik en ek het hom laat glo dat ek alles glo wat hy aan my vertel het. Ek het aan hom gesê dat ek nie vir een oomblik glo dat hy een van die moordenaars was nie. Hy was duidelik verlig.

Hy het aan my gesê dat almal hom verdink het omdat sy vorige vrou, Ida Allen, vir Robert Smit gewerk het. Ek was onder die indruk dat Ida nog in Robert Smit se diens wat ten tye van die moord. Hy het aan my gesê, dat sy Robert Smit se diens al in September 1976 verlaat het. Dit was vir my 'n verrasing. Hy sê toe ook dat Ida by PW Botha gewerk het (Ministerie van Verdediging) en toe oor is na Robert Smit. Ida het in April 76 by Robert Smit begin werk, en is toe September oor na Minister Fanie Botha toe. Dit vind ek vreemd. Hoekom sou sy uit Parlamentêre diens na die privaat sektor toe gegaan het en na ses maande weer terugkeer daarvan? (Wat ek toe nog uitgevind het, was dat Ida 'n Springbok-pistool skut was.

Ek het aan Roy Allen gevra of ek haar mag kontak. Hy was eers huiwerig. Ek vra toe hoekom hy nie wou gehad het dat ek haar moes bel nie *"Nee-nee, jy kan haar bel, maar jy vra haar net uit rondom haar werk vir Robert Smit*

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

*en Santam. Niks oor my nie"*. Ek bevestig toe dat ek dit sal doen en sê toe aan hom ek wil net probeer uitvind waarmee Robert Smit kon besig gewees het anders as Santam Internasionaal se werk. Hy gee toe aan my haar werk telefoonnommer. Ek vra toe of hy haar eers wil bel en voorberei op my oproep. Hy sê toe *"Ja, dit sal beter wees. Ek sal jou bel en laat weet"*.

Ek het weer eens aan Roy Allen beklemtoon dat ek nie in die moordenaars belangstel nie. Ek besef dat hulle net 'n opdrag uitgevoer het en, sou ek by hulle kan uitkom, ek die trappie verder terug wou klim. Ek wil net weet wie het aan hulle die opdrag gegee. Dit het hom nie beweeg nie. Ek het ook laat val dat die moordenaars *"tegnies"* nog kon aansoek doen vir amnestie en dat ek of die familie nie in 'n vervolging of siviele eise belangstel nie. Ons wil net by die waarheid uitkom. Hy het gesê hy het baie begrip vir my, en wens hy kon my help. Het hy weer eens alle moontlike betrokkenheid by die twee moorde ontken.

Wat baie interresant was rondom ons gesprek, is die feit dat Roy Allen alles van my geweet het. Hy het geweet van alles wat al gebeur het, o.a. die elektriese kombers wat 'n kortsluiting gemaak het (alhoewel hy glo in Australië was ten tye van die voorval.) Roy Allen het daarvan gehoor in Australië en opgemerk, *"Gelukkig het ek 'n alibi"*. Hy het ook geweet van my verwarmer wat ek afgeskakel het, toe ek die huis verlaat het en wat weer aan was op al 4 stafies, toe ek terugkeer. Hy het aan my gesê *"Mens kan maklik DINK jy het 'n verwarmer of stoof afgeskakel. Dit het al met my gebeur dat ek al teruggery het huis toe, om te gaan seker maak dat dit wel afgeskakel is."* (Dit was vir my vreemd, want op dié stadium was daar nog geen dekking in die media oor die spesifieke voorval nie).

Wat my geweldig ontkant gevang het was toe Roy Allen aan my vra: *"Waarom het hulle nog nie jou huis "gesweep" nie?"* Ek vra hom toe *"Hoekom vra jy dit?"* Roy Allan sê toe: *"Nee, ek vra maar net, hulle het mos jou werksplek 'gesweep'. Dis net vir my snaaks dat hulle nog nie jou huis gedoen het nie."* Ek sê toe: *"Roy waar het jy daarvan gehoor?"* (want dit was glad nie bekend nie). Hy antwoord: *"Ek kan nie onthou nie, seker by Peet of iemand"*.

Dit het my senuweeagtig gemaak oor Roy Allen - was hy besig om my te waarsku? Na die tyd het ek besef Roy Allen het absoluut met my gespeel en het ek weer eens besef dat ek heeltemal te naief vir dié tipe mense is. Roy Allen tree ook nie vir my op soos iemand wat onskuldig verdink word

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

van 'n moord nie. Sou hy nie met laster eise gedreig het, as hy regtig niks met die moord te doene gehad het nie? (Ek sou!)

Ek is toe daar weg met sy versekering dat hy my die volgende oggend sou bel oor Ida, sy gewese vrou.

Teen 11:30, Woensdagoggend 20-08-97, het Roy my nog nie gebel nie. Ek het toe self vir Ida Allan gebel. As ek gedink het Roy Allan was antagonisties teenoor my, was dit nie naastenby so erg soos Ida Allan se houding teenoor my nie.

Ek hanteer my telefoniese gesprek met Ida onder die afdeling: Santam Internasionaal: Ida Allan.

Later die middag van Woensdag 20-08-1997, nadat ek reeds telefonies met Ida Allan gepraat het, om ongeveer 16:30 bel Roy Allan my. Hy vra toe verskoning dat hy nog nie gebel het nie, maar sê hy het ook nog nie met Ida kontak gemaak nie. Ek sê toe: "*Toemaar, ek het.*" Sy antwoord was: "*Ag, shit.*" Met verbasing vra ek toe: "*Hoekom sê jy so ?*" Hy het toe aan my gesê dat hy die saak oordink het en besluit het dat ek haar nie moes bel nie. Hy wou gehad het ek moes my vrae aan Ida per faks doen. Dit het ek uiters vreemd gevind. Hoekom wou Roy Allan my skynbaar weghou van Ida af ? Waarvoor is hy bang ?

By navraag oor hoe my gesprek met Ida gegaan het, het ek hom vertel dat sy nie juis met my wou praat nie en dat ek haar ook verseker het dat ek geensins vir Roy Allen verdink nie, en ook nie vir haar nie. Hy was duidelik verlig.

Hy sê toe aan my dat hy die aand na Istanbul vertrek, en dat ek my mooi moet oppas vir die drie dae wat hy weg is. By navraag hoekom hy so sê, het hy weer verwys na die elektriese kombers voorval wat plaasgevind het toe hy ook uitstedig was.

Hy het gevra of ek sy naam in my voorlegging gaan noem, siende dat ek oortuig is dat hy nie betrokke kon wees nie. Ek het aan hom gesê dat ek nie die voorlegging doen nie, maar wel my advokaat en dat ek by hom sal moet hoor. Hy het toe aan my gesê dat hy my weer sal bel by sy terugkeer. Tot op hede het hy my nog nie weer gekontak nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

My gevoel rondom Roy Allen is, dat hy definitief op een of ander manier betrokke was. Almal met wie ek gepraak het, sê Roy sou nie sonder baie goeie motivering, 'n moord kon pleeg nie, maar dat hy wel die *"sweeper"* kon gewees het. 'n "*Sweeper*" is glo 'n Inligtingsman en die persoon wat na die moorde moes ingaan om enige bewyse te verwyder en dan moontlik die *"RAU TEM"* kon gespuit het en die messteke kom toegedien het.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 3.B. Persone re jongste bewerings (vervolg)

### (iv) Jack Widdowson

Rondom Jack Widdowson weet ek nie veel nie. Ek kon nog nie daarin slaag om met hom kontak te maak nie. Hy is glo iewers in die Kaap. Die meeste bronne met wie ek gepraat het sê egter dat Jack Widdowson 'n *"light weight"* was, en dat hulle nie glo hy was betrokke nie. Almal behalwe Oosie en nog 'n betroubare bron. Albei dié mense sê aan my Jack Widdowson is uiters gevaarlik. Volgens Oosie, sal ek die volgende dag dood wees, as ek vir Jack Widdowson moet bel.

Wat ek vreemd vind rondom Roy Allen en JackWiddowson is dat die meeste persone met wie ek gepraat het baie aggresief vinger wys na Roy en <u>nie</u> na Jack Widdowson nie.

Volgens inligting is Jack Widdowson 'n kenner en versamelaar van messe en dolke, wat ook baie interresant voorkom.

Dirk Coetzee, Joop Smit en Oosie het aan my bevestig dat Roy Allen en Jack Widdowson vertrouelinge van Kol Dries Verwey was, wat op sy beurt weer 'n vertroueling van Genl. Hendrik van den Berg was, wat weer op sy beurt BAIE noue bande met John Voster gehad het.

Jack Widdowson se meisie is vroeg in 1978 vermoor. Volgens Oosie is sy vermoor omdat sy te veel geweet het en te veel vrae gevra het. Die amptelike bevinding was "selfmoord" met 'n sykous, op haar bed. Haar naam was Hilda Kellerman. Oosie sê sy was 'n Portugese vrou, maar by navraag aan Roy Allen, sê Roy: "*Nee, Oosie lieg*". Roy Allen sê ook dat dit wel selfmoord was, hy weet, hy was eerste op die toneel, (interressant) en dat dit nie met 'n sykous was nie, maar wel 'n oordosis pille.

Roy Allen sê Hilda Kellerman het selfmoord gepleeg omdat Jack Widdowson hul verlowing vir die tweede keer uitgesel het. Jack Widdowson se pa was glo nie ten gunste van die verlowing nie. Hilda Kellerman se pa was 'n polisie-sersant en was hoof-ordenans by die Johannesburg se landdroskantoor. (Hy was bekend by Roy Allen as Oom Kellie).

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4. Faktore wat na vore gekom het

### A. Die aktetasse

Die kwessie van ons pa se vermisde aktetasse bly steeds 'n groot raaisel. Op die oomblik het ons net een aktetas in ons besit. Dit is 'n bruin leertas wat gewoonlik in ons pas se kantoor gestaan het. Hy het hierdie tas (wat ons ouma nog vir hom gekoop het) nie met hom saamgedra nie. Soos wat ons kan onthou, is hierdie tas net gebruik om persoonlike dokumente in te bêre.

Die tas is tot u beskikking. Ons het reeds verskeie kere deur die tas gegaan en al wat ons gevind het, was sy persoonlike dokumente soos bywvoorbeeld sy eie finansiële state, bankstrokies, sy salarisstrokies, sy Curriculum Vitae, ens.

Wat egter baie interessant was, wat ons ook in die tas gekry het, was 'n notule van 'n NP vergadering kort voor die verkiesing. Die vergadering is skynbaar deur mnr F W de Klerk en Mnr Martiens Kotze bygewoon. Ons pa het die vergadering se notule met die hand geskryf, maar 'n bladsy verder aan het hy in potlood 'n interesante opmerking gemaak: hy het geskryf: "*Mnr le Roux*" (ons het later vasgestel dit was mnr le Roux wat Sekretaris van die Tesourie was en vier jaar gelede oorlede is) met sy huis- en werktelefoonnommer. Onder dit het hy geskryf: "*De Jongh – Manier waarop hy hom onttrek het aan my. – Stil-stil aandele gestort op beurs en naderhand nie meer beheer gehad nie. Het by my vader op Boshof skoolgegaan.*" (Sien Aanhangsel 7 )

Wat die nota beteken weet ons nie presies nie, maar ons het intussen vasgestel dat die "*de Jongh*" waarna hy verwys moontlik die oud-President van die Reserwebank, mnr Theo de Jongh, kan wees of sy broer, Gerrie de Jongh, wat ook by die reserwebank gewerk het. Ons is nie seker nie. Ons het ook 'n nota in die tas gevind wat 'n boodskap is wat deur iemand vir ons pa afgeneem is. Dit lui: "*Dr Smit, Mnr Gerrie de Jongh het ingeloer. Hy sê u het nou 'n oop pad voor.*" (Sien Appendix 8)

Volgens die familie van die "*Mnr Le Roux*" na wie ons pa verwys het, het mnr Le Roux in 1979 skielik uit die party (NP), die Broederbond en sy werk bedank as 'n ontnugterde mense. Wat die redes was weet ons nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Sover ons kan onthou het ons pa nog minstens twee ander aktetasse gehad: 'n leertas en 'n kleiner tas wat hy altyd by hom gedra het en wat sy belangrike dokumente ingehad het. Albei hierdie tasse is weg. Ons weet nie waar dit is nie.

Ons oom, mnr Iaan Smit (ons pa se broer) beweer egter dat al drie tasse net na die moorde nog daar was en dat een tas na die Dept Finansies toe is, een na die polisie en die laaste een na ons as familie.

'n Bewysstuk wat hierdie bewering moontlik kan staaf, is 'n lys van artikels wat opgestel is met die goed wat deur die polisie uit die aktetasse verwyder is. (Sien Aanhangsel 9). Bo-aan die lys staan: "*Items uit ... tasse geneem op 25-11-77*"

Die lys lyk soos volg:

"*1) Barclays Nas Bank, PTA tjekboek met 13 ongebruikte tjeks. Rekeningnommer: 2005071283-02*

*2) Brief van Mnre Brink, Roos & Du Toit, JHB, gedateer 17-11-77*
*3) Santam Verseker. Mpy Bpk 3de party versekering kwitansie*
*4) Stadsraad, Pretoria 1977 motorlisensie kwitansie TP 94821*
*5) Oorledene se identiteitsboek*
*6) Barclays Nas Bank Pta se brief 30-8-77*
*7) Nedbank bankstate*
*8) Santam testament met brief gedateer 16?18?-3-76 Test ongeteken*
*9) Sa.... se brief 29-4-76*
*10) Santam, Kaapstad se brief 26-2-76*
*11) Lêer met inkomstebelastingdokumente*
*12) Verskeie rekeninge*
*13) Texas Instruments elektroniese rekenaar*
*14) 2 los sleutels Etiket gemerk Kamer 318 Mercabank*
15) *1 Bos sleutels bestaande uit 7 sleutels met een naamplaatjie M. Smit daarop. (1 Sleutel waarskynlik 'n kluissleutel*"

(Hierdie laaste punt 15 is onderlyn en gemerk met 'n "*Majoor NB*"

Die lys is onderteken deur twee getuies, Hoofklerk van Santambank Bpk, Boedelafd, mnr S J Pretorius en die sekretaris van Santam Internasionaal, mnr W. H. Olivier.

Ons neef, David Murray, en joernalis Alet van Rensburg het in 1994 met mnr Olivier gepraat oor die lys. Hy het uiters gespanne voorgekom en

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

beweer hy het die lys geteken sonder dat hy nagegaan het of die lys korrek is. Hy kon ook nie veel sê oor ons pa se werk by Santam Internasionaal nie.

Wat egter baie vreemd is, is dat die tasse nog nooit weer opgeduik het nie. Ons weet ook nie wat van ons pa se ID dokument geword het nie. Volgens die lys is dit verwyder, maar ons verstaan dis nie op die polisiedossier nie. Ons het wel ons ma se ID dokument.

Daar's ook die kwessie van ons pa se paspoorte. Hy het glo minstens 3 gehad waarvan twee in vals name was. Hy het dit glo gebruik om sekere geheime werk vir die regering te doen. 'n Vriendin van ons ouers, Me Dawn Lottering, het die paspoorte nog na die moorde in ons pa se kantoor gesien asook van sy dagboeke. Die polisie het dit glo geneem, maar waar is dit nou?

Ons was egter nie bewus van 'n dokument wat ons pa vir mnr John Vorster sou opgestel het nie en wat in die tas sou gewees het nie. Ons pa het egter gereelde vergaderings met mnr Vorster gehad. Volgens ander familielede en vriende het ons pa glo kort voor die moorde gesê dat as hy in die parlement kom, hy iets baie groot ('n groot skandaal) gaan onthul. Daar word selfs gesê dat hy sou gesê het: "*Dit sal Watergate na 'n Sondagskool-piekniek laat lyk*".

Volgens 'n koerantberig van 15/11/93 deur joernalis Chris Karsten het ons pa twee aktetasse by hom gehad toe hy die NP kantoor op 22 November 1977 verlaat het en op pad huis toe was (waar hye vermoor is). 'n Dieselfde berig het ons pa een tas in die motor gelos toe hy by die huis kom en die ander saam met hom in die huis ingeneem.

Ons glo egter dat die opspoor van die tasse dalk sekere duistere vrae sou kon beantwoord, soos bv, wat het ons pa geweet wat sy lewe in gevaar gestel het en wat was die aard van sy werk vir Santam Internasionaal en die regering ?

Ons sou bly wees indien Oosthuizen se bewerings dat hy 'n tas êrens in 'n oorsese bankkluis laat opsluit het, ondersoek kan word. Soortgelyke bewerings word ook gemaak deur nog 'n oud-Taakmaglid, wat kol Verwey se motorbestuurder was, Kapt. Joop Smit, wat beweer dat hy ons pas se aktetas in Verwey se kluis gesien het.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4. Faktore wat na vore gekom het (vervolg)

## B. RAU TEM

Die letters "*RAU TEM*" wat op twee plekke in die huis met rooi spuitverf geverf is tydens die moorde, is steeds 'n groot raaisel. Die verf wat gebruik is, is waarskynlik 'n kannetjie rooi spruitverf wat ons ma gekoop het vir ons pa se verkiesingsveldtog.

Daar was al baie teorië oor die letters. Wat egter interessant is, is die jongste bewerings dat die letters op meer as een plek opgemerk is lank voor die moorde. Kort na die moorde het 'n koerantberig reeds gelui dat die letters RAU TEM in die Kaap opgemerk is as graffiti, lank voor die moorde. Die koerantberig sê dat die woorde saam met 'n skedel en beendere geverf is in Longstraat in Kaapstad. Dit is ook bevestig deur joernalis Alet van Rensburg wat sê volgens 'n oud-kollega by die SABC het 'n vriend van hom voor die moorde 'n foto van die letters in die Kaap geneem.

Joernalis Peet Bothma het ook heelwat oor die letters verneem. Buiten in die Kaap, waar volgens Peet se bron die letters glo by die Univ van Kaapstad geverf sou gewees het, het dit ook op heelwat ander plekke voorgekom, naamlik in Oshakati en in 'n hotelkamer in Luanda waar 'n moord gepleeg is. In die Kaap is die graffiti glo op die regse beweging die "*Scorpio-bende*" blameer. (Wat interessant is, is dat Gordon Winter in sy boek "*Inside BOSS*" beweer dat die werk van die Z-squad dikwels op die "*Scorpio-bende*" geblameer is.) Daar is diegene wat glo dat die letters met die Z-squad verbind kan word, terwyl sommige meen dit kan moontlik aan een van die oud Taakmag lede wat volgens die jongste bewerings aan die moorde gekoppel kan word (Roy Allan) verbind kan word. Ons kon egter geen bewyse hiervoor vind nie.

'n Ander oud-Taakmaglid wat nou ook die bewerings maak dat hy ons pa se tas in kol Verwey se kluis sou gesien het, Joop Smit, het glo aan Peet Bothma gesê dat die "sweeper" die letters kon geverf het. Hy beweer dat die "sweep"-werk deur Roy Allan gedoen is, maar Allan ontken dit en weer eens kon ons geen bewyse hiervoor vind nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Verskeie teorië oor die betekenis van die letters is oor die jare gemaak. Sommige sê dit verwys na RAU (die Universiteit) en dat dit sou verwys het na 'n toespraak wat ons pa daar gemaak het 'n kort tydjie voor die moorde. Hierdie teorie is egter "uit die water geblaas" met die jongste beweringe dat die letters op verskeie ander tonele gevind is lank voor die moorde op ons ouers.

Nog 'n teorie is dat die woorde ook verwys na "RAU" omdat die eiland in die Vaalrivier wat deur die ou NID en waarskynlik ook deur BOSS gebruik is vir die beplanning van koverte operasies, eintlik aan RAU (die Univ) behoort en van hulle gehuur word deur intelligensie. Alet van Rensburg sê dat verskeie van haar bronne beweer dat die eiland vandag nog bestaan en na bewering steeds deur intelligensie gebruik word.

Dan is daar ook die teorie oor die MOSSAD. In reaksie op die jongste berigte het 'n Hebreeuse taalkenner die interessante opmerking gemaak dat as RAU TEM van agter af gelees word, met ander woorde MET UAR, beteken dit in Hebreeus: "*turn out the light*". Ons het hierdie teorie by 'n ander Hebreeus-sprekende getoets en hy sê "MET" beteken: "*dood*" terwyl daar in Hebreeus geen woord soos "UAR" is nie.

Nog 'n teorie wat op 11/07/94 in die Cape Times verskyn het, was dat RAU TEM in Hebreeus staan vir: "*look at them*" of "*you saw*" – dit is volgens die Kaapse rabbi Dr E J Steinhorn. Hy het egter bygevoeg dat die woorde meer klink soos 'n Verre Oosterse of Hindu taal.

Wat egter vir ons interessant is: as die Z-squad van BOSS wel betrokke was by die moorde op ons ouers, kon hulle dalk 'n "*kenteken*" soos "*RAU TEM*" gehad het wat moontlik aan Hebreeus gekoppel kan wees, want die Isreali's en veral ook die Mossad het blykbaar in daardie jare 'n groot rol gespeel in die opleiding van Suid-Afrika se intelligensiemense. Dis slegs 'n moontlike teorie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4. Faktore wat na vore gekom het (vervolg)

## C. Die Z-squad

Ons het die eerste keer van die sogenaamde Z-squad verneem toe joernalis Peet Bothma gesê het dat iemand hom gebel het en gesê het om te kyk na die rol van die Z-squad by die moorde. Ons het aanvanklik gedink die Z-squad was deel van die Taakmag, maar tydens 'n onderhoud van joernalis Alet van Rensburg met Roy Allan het ons vasgestel dat dit deel van BOSS was. Roy wou nie meer hieroor sê nie. (Sien aangehegte verklaring van Alet van Rensburg – Aanhangsel 6).

Intussen het Peet Bothma en Alet van Rensburg vasgestel dat die Z-squad BOSS se "*hit squad*" was. Hulle het bronne in koerantberigte aangehaal wat sou gesê het "*soos Vlakplaas*".

Ons het ook in Gordon Winter se boek "*Inside BOSS*" gelees dat dit BOSS se "*hit squad*" was. Volgens Winter het die eenheid aanvanklik uit vyf lede bestaan.

Intussen het Alet van Rensburg in die koerant "*Sunday Independent*" geskryf dat sy met die oud-bevelvoerder van BOSS, generaal Lang Hendrik van den Berg gepraat het en dat hy die bestaan van die Z-sqaud ontken het. (Sien aanhangsel 10)

Ons het ook verneem dat ene Mike Kühn na bewering 'n oorlewende lid van die Taakmag is. Ons het later vasgestel dat hy tot verlede jaar by NIA gewerk het en toe 'n pakket geneem het. Sommige sê hy het nou 'n koekiewinkel in Pretoria-Noord, terwyl ander hom in besigheid verbind 'n sake-onderneming "*Global Consulting Incorporation*" saam met mense soos oud-NI man Mike Louw, oud SAW-hoof Genl Jannie Geldenhuys en ene Hennie Heynecke. Ons kon hierdie bewerings egter nie bevestig nie en het hom nog nie opgespoor om met hom te praat nie.

Ander mense beweer dat ook Mike Kennedy (die NIA man) 'n lid van die Z-squad was. Daar word verder beweer dat Krullebol Verwey aan die hoof van die Z-squad gestaan het. Ander name wat na bewering op een of ander manier met die Z-squad verbind kan word sluit in: Craig Williamson, Genl de la Rosa en Jerry Raven. Daar is ook gerugte dat die Z-squad vanaf die

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

plaas "*Diasy*" geopereer het en dat Genl J.J. de Swart na bewering aan beweer van die plaas gestaan het.

Daar was ook al bewerings dat die letter "*RAU TEM*" moontlik met die Z-squad kon verband gehou het.

Meer onlangse inligting beweer dat die Z-squad deur 'n "*SS squad*" voorafgegaan is, wat as lede sou ingesluit het: Roy Allan, Jack Widowson, Geoff Chatz, Jerry Raven, Kerneels Uys en Gerrie/Anton Viljoen.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4. Faktore wat na vore gekom het (vervolg)

## D. SANTAM Internasionaal

Ek is van mening dat baie antwoorde rondom die motief van die moorde by Santam Internasionaal, die maatskappy waar my pa gewerk het kort voor die moorde, lê. Ek het probeer uitvind presies wat sy taak by die firma was, en waarmee hy besig kon wees in die paar maande voor die morod. Ek gaan eers Santam uiteensit, soos volgens dokumentasie in een van my pa se tasse, in my besit. Ek kon 'n raamwerk vorm uit die dokumente, hoe hy by Santam uitgekom het en wat sy posisie was.

Soos bekend, was Robert Smit in Washington waar hy Suid-Afrika verteenwoordig het as ambassadeur by die Internasionale Monetêre Fonds vanaf 1971-75.

In Mei 1975 het Robert Smit aan dr Gerrit Viljoen (Voorsitter van die Broederbond) geskryf en gesê dat hy graag wou terugkeer na Suid-Afrika en het navraag gedoen oor 'n moontlike pos. Die pos wat uiteindelik aan hom gebied was, was in Ekonometrie (sien Aanhangsel 11). Dit het Robert Smit van die hand gewys, omdat hy eerder geïntereseerd was in Internationale Handel.

Kort na die briefwisseling, het Robert na New York gevlieg om Dr C H J van Aswegen (Voorsitter van Santam Internasionaal en Visie Voorsitter van Krygkor) te ontmoet om 'n aanbieding in die maatskappy te bespreek. Dr van Aswegen het toe 'n aanstelling aan Robert Smit gestuur. (Daar was 2 briewe). Santam Internasionaal word toe geherstruktureer. Rober Smit het die pos skriftelik aanvaar, (afskrif van brief aangeheg – aanhangsel 12) waarna hy op 30 Desember 1975 kennis gegee het by die Departement Finansies vir einde Januarie 1976. Robert Smit het die pos as Besturende Direkteur van Santam Internasionaal aanvaar, waar hy kredietlyne vir Suid-Afrikaanse Regeringsinstansies, parastrale instellings en private maatskappye buitelands sou beding.

Robert Smit het vanaf die kantore Merca Bank, wat 'n handelsbank van Santam Internasionaal was, gewerk.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Merca Bank se voorsitter was toe Dr Charles Griffiths Ferreira.

Santam Internasionaal se aandeelhouding was soos volg:

| Aandeelhouding | Aandeelhouer |
|---|---|
| 15% | Dr C H J van Asweging |
| 24% | Santam |
| 24% | Mercabank |
| 22% | Santam Pensioen Fonds |
| 15% | Robert Smit |

Direkteure volgens Briefhoofde (statutêre opgawe verskil drasties) (Sien aanhangsel 13)

| | |
|---|---|
| C H J van Asweging | Voorsitter |
| Robert Smit | Bestuurende Direkteur |
| I J Steyn | Direkteur (Van Santam/Sanlam) |
| D G Ferreira | Mercabank |
| Gert Z Liebenberg | Boland Bank |

Die direkteure het een maal per maand vergadering gehou. Notules is op 'n baie kriptiese manier geneem. (Afskrif van 'n notule is aangeheg - sien Aanhangsel 14). Volgens ons pa se sekretaresse, Ina Barkhuizen (néé McGregor) het sy nie die notules getik nie, maar is dit deur dr Ferreira se sekretaresse getik. (Waarom nie die Besturende Direkteur se sekretaresse nie? Hoekom Mercabank se Besturende Direkteur se sekretaresse ?) (Mercabank hou 24% van Santam Internasionaal se aandele).

Robert Smit se pakket het bestaan uit die volgende:

- Salaris - R21 000, onthaal toelaag R1000 (Desember)
- Bonus 8,3% van salaris, afhangend van profyt
- 1 maand kennis
- R25 000 rentevrye behuisingslening, R10 000 addisioneel teen 10%
- Toegang tot Rand Club
- Motor - Mercedez Benz 280SE
- R15 000 Aandele
- Lewensversekering van R50 000 betaal deur Santam

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.D. SANTAM Internasionaal (vervolg)

### (i) Charles Ferreira

Ek was telefonies met Charles Ferreira in verbinding. Hy was verbaas en heel vriendelik.

Op 'n vraag van my oor wat my pa se werk by Santam Internasionaal behels het, het hy aan my gesê sover hy weet, het Robert Smit kredietlyne (dit kom op Robert Smit se CV voor, sien aanhangsel 15) vir Suid-Afrika gereël. *"As gevolg van Robert Smit se werk in die VSA, het Robert Smit al die top bankiers van die wêreld geken - en kon hy hom uitstekend van sy taak kwyt".*

Op 'n vraag of hy oor enige kennis beskik van dit waarmee Robert Smit hom mee besig gehou het anders as Santam Internasionaal, oor wat hom (Robert Smit) op iets kon laat afkom het wat 'n skandaal sou veroorsaak, was sy reaksie die volgende: *"Ek het geen idee waarmee Robert Smit besig was nie. Ek het net die administratiewe deel behartig van sy werk by Santam".* Hy het ook nie eintlik kennis gehad van Robert Smit se presiese werk by Santam Internasionaal nie, en van dit waarmee hy elke dag besig was nie. Dr Ferreira was glo 'n Direkteur by Santam Internasionaal, net omdat Robert Smit gevra het dat hy ook 'n Direkteur moes wees. (Dit vind ons ook vreemd aangesien dr Ferreira in beheer van Mercabank was en Mercabank 24% van Santam Internasionaal beheer het). Hy het ook gesê dat Dr Van Aswegen (die voorsitter van Santam) almal na hom toe verwys vir navrae oor Robert Smit. Hy vind dit vreemd, omdat Dr Van Aswegen Robert Smit in diens geneem het.

Dr Ferreira het my toe verwys na Jean Sterianos. Sterianos was Mercabank se aandelemakelaar. Volgens hom (Ferreira) het Sterianos en Robert Smit 'n lang pad saam geloop. Dr Ferreira sê dat Sterianos beslis iets moet weet. Robert Smit en Sterianos was glo saam op oorsese besoeke.

Dr Ferreira sê ook dat na die moorde, die polisie hom onder veilige bewaring geplaas het. (Dit vind ek vreemd, as hy geensins 'n idee gehad het van dit waarmee Robert Smit besig was nie). Hy sê hy het later besef dat hulle nie besig was om hom op te pas nie, maar eerder probeer het om uit te vind wat hy geweet of nie geweet het nie. Hy was glo verskeie kere in hierdie tyd ondervra. Hy het aan die polisie (Gerrit Viljoen) gesê, om na

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Jean Sterianos toe te gaan. Volgens Dr Ferreira het Viljoen of geen ander polisieman, ooit die saak met Sterianos opgevolg nie. Dit vind Dr Ferreira baie vreemd.

Wat ook interessant was, was die feit dat Dr Ferreira, Robert Smit se broer, Iaan Smit, genader het, en gevra het of hy ook 'n draer van Robert Smit se kis kon wees by die begrafnis. Iaan Smit het ingestem en dus was Dr Ferreira wel een van die draers. Vir my (Liza) is dit vreemd, dit móét bewys dat Dr Ferreira en Robert Smit nie net gewone kollegas was nie. Ek en my broer het nooit weer na die begrafnis van hom gehoor of hom gesien nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.D. SANTAM Internasionaal (vervolg)

### (ii) Dr C. H. J. van Aswegen

Ek (Liza) was telefonies met Dr van Aswegen in verbinding. Hy was baie senuweeagtig en het eers gemaak of hy nie weet wie ek is nie. Na ek dit herhaal het, kon hy vir Robert Smit "*effens*" onthou. Hy sê hy het nie einlik vir Robert Smit geken nie: *"Het hom 'n paar maal in die gange raakgeloop"*. By navraag oor waarmee ons pa destyds besig was by Santam Internasionaal, was sy antwoord die volgende: *"Dit weet ek nie, ek't nie die vaagste benul daarvan nie. Ek sal jou nie naastenby kan help nie"*. Ek het aan hom gesê dat ek dit vreemd vind dat níémand weet waarmee hy besig kon wees nie. Hy het geantwoord dat hy hom bietjie geken het en 'n paar maal raakgeloop het, dis al.

Ek het aan hom gesê dat Charles Ferreira my na hom toe verwys het - hy het toe nie geantwoord nie. Ek het toe aan hom gesê dat ek die geheimsinnigheid rondom Robert Smit en Santam Internasionaal nie kan verstaan nie - net stilte van sy kant af. Toe ek aan hom sê dat ek juis met hom wil praat omdat hy deurgevlieg het New York toe, oor Robert Smit se aanstelling, was sy reaksie dat hy nie daarvoor New York toe was nie. Hulle was glo 'n groep van ±20 - 30 mense wat vir 'n IMF vergadering New York toe is. (Klink ook vir my onwaarskynlik).

In kort: Hy was baie afwykend en het nie gereageer op aanmerkings en stellings wat ek gemaak het nie. Hy het eerder uitgevra oor Charles Ferreira, waar's hy nou? Geen reaksie andersins nie. Hy sal 'n bietjie gaan nadink en "*sy gedagtes laat gaan*" oor met wie ek kan gaan praat.

Weer eens vind ek dit uiters vreemd dat iemand soos Dr Van Aswegen niks weet oor Robert Smit se werk by Santam nie. Hy wat die voorsitter was, en Robert Smit aangestel het. Dr van Aswegen het ook saam met Robert Smit gedien as mede-direkteur by Credit Guarantee (sien aanhangsel 16 - briefhoof van Credit Guarantee). Na my mening moet dié twee persone (Dr Ferreira en Dr Van Aswegen) presies geweet het wat die aard van ons pa se werk was, en juis die verband van sy werk met die motief vir die moorde. Uit die aard van sy werk, moes hy (Robert Smit) op een van sy oorsese besoeke op iets afgekom het, wat van 'n finansiële aard moes wees. Altwee

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

die persone sê ook dat Robert Smit nie aan iemand direk gerapporteer het nie. Dit is uit die aard van die saak vir my baie vreemd.

Na my gespek met Robert Smit se sekretaresse, Ina Barkhuizen (voorheen McGregor) het dit net al hoe duideliker geword dat Dr Van Aswegen en Ferreira móés geweet het waaroor alles gegaan het.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.D. SANTAM Internasionaal

### (iii) Ina Barkhuizen (voorheen McGregor)

Ek het Ina Barkhuizen op Donderdag 21/08/97 ontmoet. Sy was baie emosioneel tydens die hele ontmoeting. Sy was die maand voor die moord op siekverlof. Sy het 'n histerektomie ondergaan.

Op 'n vraag na dit waarme ons pa kon besig gewees het, anders as Santam Internasionaal se werk, het sy gesê, sy weet net van een geval: Robert Smit het 'n arbitrasie saak tussen Alusaf en die Arbitrasiepaneel van die Internasionale Kamer van Koophandel in Parys bygewoon in Junie 1977. (Sien notule van Santam Internasionaal .... Aanhangsel 14). Volgens haar was dit die enigste voorval waarvan sy geweet het.

Wat interessant was, was dat sy sê na Robert Smit se terugkeer uit Parys (waar Sterianos ook was) het Dr Van Aswegen 'n dringende vergadering met Robert Smit versoek. Robert Smit het afgevlieg Kaapstad toe vir die vergadering. Ina sê met Robert Smit se terugkeer was Robert Smit baie terneergedruk en omgekrap. Hy het toe aan haar gesê dat Dr Van Aswegen hom (Robert Smit) versoek het om sy aandeelhouding by Santam Internasionaal op te sê. Die rede hiervoor was, dat sekere lede van die direksie ongelukkig was omdat Robert Smit 'n aandeelhouding in die firma gehad het, en nie hulle nie. Robert Smit het glo beswaar gemaak. Hy het gevoel dat niemand anders die kwalifikasies of ondervinding gehad het wat hy gehad het nie. Dit het nie gehelp nie en Robert Smit moes sy aandeelhouding opsê.

Nog 'n interessante punt wat sy genoem het, was 'n dokument wat sy gesien het na haar terugkeer van siekverlof. Ina het die Maandag 21 November 1977 teruggekeer. ('n Dag voor die moord). Sy het Robert Smit dié Maandag vir 'n kort rukkie gesien. Robert Smit het ingekom Santam toe vir 'n vergadering wat hy met Switserse Bankiers gehad het, en het kort daarna weer vertrek na Springs. Sy het 'n kort gesprek met Robert Smit gehad. 'n Opmerking wat hy gemaak het, na haar navraag oor hoe dit in Springs gaan, was dat die mense daar baie antagonisties is teenoor hom. Toe ek vra hoekom sou dit wees, het sy gesê dat die kandidaat wat oorspronklik sou gestaan het in die setel die probleem was. (Ek dink dit was Martiens Kotze). Die mense van Springs was nog baie pró hom, en het hulle dit moeilik

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

gemaak vir Robert Smit. Martiens Kotze was 'n oud-prokereur wat glo aan bedrog skuldig bevind was. Hy het na bewering sterk bande met die Griekse en Portugese onderwêreld gehad.

Na sy vertrek, sê sy (sy's nie seker of dit die Maandag of Dinsdag was nie) was daar 'n dokument op haar tafel. Die dokument het gehandel oor die onmiddelike afdanking van Robert Smit. Hy sou einde November 1977 die diens van Santam Internasionaal verlaat.

Dit is op sig self vir my vreemd, want ek is in besit van 'n teenstrydige memo, onderteken deur Dr C Ferreira ten opsigte van Robert Smit se posisie by Santam en die parlementêre verkiesing (aangeheg as aanhangsel 17).

Volgens Ina is dit redelik stilgehou en is dit ook die eerste keer dat sy iemand daarvan vertel.

Dié storie bewys aan my dat daar 'n definitiewe rede moes gewees het vir dié skielike en drastiese besluit. Wat was dit? Om 'n Bestuurende Direkteur summier af te dank, maak nie vir my sin nie.

Rondom Ferreira en Van Aswegen se kommentaar aan my, was Ina net so verbaas. Volgens haar was sy onder die indruk dat Dr Ferreira en Robert Smit baie nou bande gehad het en baie respek vir mekaar gehad het. (Dit blyk uit 'n huldeblyk wat Dr Ferreira na die moord op radio gedoen het, wat ek op band het). Sy kan glad nie verstaan hoe een van die twee enigsins kan sê dat hulle nie geweet het waarmee Robert Smit besig was nie.

Wat sy wel onthou was dat Dr Ferreira vreeslik bang was na die moorde. In so 'n mate dat hy 'n vuurwapen aangeskaf het. (Dit het Dr Ferreira nie aan my genoem nie). Ina sê dat almal geweet het van Dr Ferreira se angs en dat daar 'n mate van spottery met hom was oor die wapen wat hy pal by hom gedra het.

Die Woensdag, 23 November 1977, vroeg die oggend, net toe Ina op kantoor gekom het (voor 08:00), sê sy het mnr Kluever (Department van Finansies of Reserwebank) haar opgebel, en gevra of dit waar is dat Robert Smit en sy vrou dood is. Ina was uit die aard van die saak geweldig geskok, want sy het nog nie daarvan gehoor nie. Sy het toe vir Kluever gesê om aan te hou, sy weet nie, en toe na Charles Ferreira toe gehardloop. Ook hy het nie geweet nie. Andrew Hofmeyer (Ferreira se "*right hand man*") het toe ingeloop en

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

hy het bevestig dat die nuus waar is. Sy het teruggegaan na Kluever (op die foon) en gesê dit is glo waar, maar dat niemand weet wat gebeur het nie. Hy sê toe aan haar dat hy gehoor het *"Robert het vir Jeanne geskiet en toe homself"*. Dít, sê sy, kon sy nie glo nie. Sy het daarna die polisie gebel, waar sy geen inligting kon kry nie, net bevestiging dat hulle wel dood is. Ina het toe na Noél de Jager toe gegaan (sy was Mercabank se skakelbeampte) en haar gevra om haar broer in Springs te bel. Noél se broer het glo baie vir Robert Smit gehelp. Hy het in Springs gewoon, en Robert Smit gehelp om sy voete te vind. Die broer was 'n prokureur of iets. (Ina is nie seker nie). Deur Noél se broer het hulle toe gehoor dat Robert Smit en sy vrou vermoor is.

Wat vir Ina vreemd was, was die feit dat Kluever, wat van Finansies was, so vroeg geweet het, voor enige iemand anders. (Dit was in daardie stadium nog nie op die nuus nie en selfs ons as kinders het nog nie geweet nie).

By navraag oor of sy geweet het of ons pa enige afsprake met regeringsmense of ministers gehad het kort voor die moorde, kan sy net een persoon spesifiek onthou. Daar was verskeie afsprake met Dr Connie Mulder. Dit was aangeteken in sy dagboek. (Ina het vir die polisie – Gerrit Viljoen - die dagboek aangebied, maar hy het die nooit gevat of daarna gekyk nie). Sy sê die polisie was baie selektief rondom inligting en bewyse wat hulle (Santam) gehad het. Hulle het wel baie tyd by Dr Ferreira deurgebring.

Ina sê ook dat Robert Smit baie kontak met die Department van Finansies gehad het, maar dit was nie vir haar vreemd nie. Oor Willie Olivier (een van die mense wat die inventaris van items wat uit die aktetas verwyder is, as getuie onderteken het) die volgende: Ek het aan Ina gesê dat mnr Olivier eers ontken het dat hy enigsins 'n inventaris, van goedere verwyder uit Robert Smit se tas, onderteken het. Nadat dit aan hom getoon is was hy uiters senuweeagtig (Verwys na David Murray se opsomming … Aanhangsel 18). Hy het aan David en Alet van Rensburg (die joernalis wat David vergesel het) gesê dat Robert Smit se kantore afgekordon was en dat dit gewemel het van polisie. Die dokument was aan hom gegee en net gesê *"Teken as getuie asseblief"*. Hy het glo die dokument onderteken sonder om te lees waaroor dit gegaan het. Ina het gelag en gesê, dit vind sy uiters vreemd, want mnr Olivier was 'n baie presiese en deeglike man wat nooit so iet sou gedoen het nie. Haar woorde was: *"Willie was eintlik 'n nerd"*.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Dit bevestig weer eens my teorie dat ten minste een van Robert Smit se aktetasse wel gevind is, en nie weg was van die begin af nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.D. SANTAM Internasionaal

### (iv) Ida Allan

Omtrent 'n maand voordat ek (Liza) telefonies met Ida Allan in verbinding was, het ek reeds uitgevind waar sy woon. Ek en joernalis Alet van Rensburg het een aand na haar huis toe gery om haar onverwags te besoek. Sy was nie tuis nie. Ons het 'n geruime tyd vir haar gesit en wag, maar tevergeefs. Ek het toe 'n nota in die hek gelos om te vra dat sy my moet bel. Ek het haar as "Ina" aangespreek in die brief, aangesien in daardie stadium nie besef het dat daar twee vroue was wat by ons pa gewerk het nie, eers Ida en toe Ina. Sy het my nooit gebel nie.

Ek en my regsverteenwoordiger, Adv Hendrik Gey van Pittius, het weer twee keer soontoe gery, 'n Vrydagaand en 'n Sondagoggend, maar tevergeefs. Weer eens was dit vrugteloos. Wat egter interessant was rondom ons besoek die Sondag, was dat die hek nie gesluit was met slot en grendel soos voorheen nie. Die honde was ook in die motorhuis toegesluit en 'n rooi bakkie was onder 'n afdak geparkeer. Niemand het oopgemaak nie. Ons het omtrent twee ure daar en het met haar bure gepraat. Almal het bevestig dat dit wel Ida Allan was daar woon, maar niemand het enigiets verder van haar geweet nie. (Vreemd, siende dat sy reeds om en by vyf jaar daar woon.) Wat ook opvallend was, was dat die vensters gordyne pal toe was.

Toe ek my tydens ons telefoongesprek aan haar voorstel, was sy onmiddellik baie aggressief teenoor my. Sy het aan my gesê dat sy glad nie beindruk was met die insinuasies wat in die koerante gemaak is nie. Ek het aan haar verduidelik dat niemand besef het dat sy Robert Smit se diens al langer as 'n jaar voor die moorde verlaat het nie. Ek het aan haar gesê dat daar 'n geweldige deurmekaar spul was rondom Ida en Ina en dat niemand besef het daar was twee sekretaresses nie. Ek het ook aan haar gesê dat ek met haar gewese man, Roy Allan, gepraat het en hom ontmoet het en dat ek nie glo hy was enigsins betrokke nie. (Ek moes haar kalmeer). Sy het ietwat bedaar, maar was my steeds nie goedgesind nie. Sy kon, of wou, my nie help nie. By navraag of Roy Allan haar nie gebel het nie, het sy gesê: "*Nee.*" Ek het haar uitgevra rondom dit wat sy van ons pa se werk by SANTAM Internasionaal kan onthou en of sy enigsins weet waarmee Robert Smit besig

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

was. Sy het nie geweet nie en kan nie onthou waarmee Robert Smit hom besig gehou het nie.

Na die gesprek was ek redelik gefrustreerd, omdat Ida Allan vir my 'n belangrike persoon is rondom die vrae wat bestaan. Die toeval is vir my net te groot dat sy aan Roy Allan verloof was en in Robert Smit se diens was. Volgens Roy Allan is hy en Ida eers in 1981 getroud en toe in 1992 geskei. Ek wou haar graag spesifiek uitvra oor Roy Allan en of sy enigsins dink hy kon betrokke gewees het, maar haar hele houding tydens die gesprek was afsydig.

Na my mening kan die Kommissie dalk verdere vrae aan haar rig.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.D. SANTAM Internasionaal (vervolg)

### (v) Ander feite/mense van SANTAM Internasionaal

My opsomming rondom Santam Internasionaal is dat dit 'n front organisasie was, en dat Robert Smit wel Besturende Direkteur was, maar terselfdertyd vir die regering gewerk het.

Die geheimsinnigheid rondom Santam, Robert Smit en die feit dat bykans geen inligting beskikbaar is, of dat niemand dit wil stel nie, verdiep my agterdog. Ek vind dit uiters vreemd dat niemand, van die top bestuur tot onder, 'n benul gehad het van Robert Smit se werk, of waarmee hy besig was, nie.

'n Lys van betrokke persone gee ek nou vir u. Dalk is u in 'n posisie om meer te kan uitvind, veral by die sleutelpersone - Dr Van Aswegen en Dr Ferreira.

| | |
|---|---|
| Dr C H J van Aswegen | Voorsitter |
| Dr C G Ferreira | Direkteur |
| J G van H Louw | Direkteur (ontken dit - verwys na David Murray se opsomming … aanhangsel 18 - Het geen kennis van Santam Internasionaal nie, maar het die Trust van wyle Robert Smit hanteer) |
| Andrew Hofmeyer | Ferreira se *"righthand man"* |
| W A Olivier | Sekretaris - persoon wat inventaris van items Wat uit tas verwyder is, onderteken het |
| Ina Barkhuizen | Robert Smit se sekretaresse |
| Noél de Jager | Skakelbeampte van Mercabank. Haar broer het Robert Smit gehelp om sy voete te vind in Springs. (Sy was getroud met mnr. Boulton van Cargo Carriers, nou oorlede.) Haar van is steeds Boulton en sy woon in Dunkeld) |

'n Neef van ons, David Murray, het ±3 jaar gelede self probeer uitvind wat die motief van die moorde kon gewees het. Hy het sy navrae ook begin by



ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Santam Internasionaal. Hy het kontak gemaak met die mense onder die voorwensel dat hy besig was om 'n biografie van Rober Smit se lewe te skryf. Hy het basies dieselfde paadjie geloop as ek, maar met verskeie ander mense kontak gemaak. Oral waar hy gekom het, het hy hom ook teen 'n muur vasgeloop. Sy indrukke aan my was, dat almal aan geheueverlies ly en dat nie een van hulle eerlike mense is nie. Hy het spesifiek verwys na Dr Van Aswegen, Dr Ferreira, Andrew Hoffmeyer en J G van H Louw.

Met die volgende mense het hy ook gepraat:

| | |
|---|---|
| Hennie Engelbrecht | Ouditeur van Merca bank |
| Dr Chris Stals | was saam met Robert Smit in Washington |
| Christo Wiese | |
| Prof Sade | Universiteit van Stellenbosch |
| Andrew Hoffmeyer | Ferreira se regterhand |
| Jannie Mouton | Dr Ferreira se makelaar |
| Charles Ferreira | Direkteur Santam Internasionaal |
| C H J van Aswegen | Voorsitter Santam Internasionaal |
| J G van H Louw | Ontken enige belang by Santam (sien statutêre inligting ... aanhangsel 13) |
| W A Olivier | Sekretaris van Mercabank |

Ek heg 'n opsomming aan wat my neef gemaak het ten opsigte van gesprekke met bogenoemde persone. David het in diepte probeer ondersoek doen, en is toe later afgeskrik deur diefstalle in sy kantoor, dreigemente en waarskynlik selfs aanranding. Hy praat nie graag hieroor nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.E. Die polisie se aanvanklike ondersoek

Volgens die jongste gerugte sou die hele moord-ondersoek ook toegesmeer het wees het. Joernalis Peet Botha het in sy berig van 30 Mei 1997 (sien aanhangsel 5) beweer dat Oos Rand Moord en Roof by die toesmeerdery betrokke wou gewees het.

Ons het baie vrae oor die aanvanklike polisie ondersoek. Hoekom is daar by sommige mense soos bv ons ouers se beste vriendin, Dawn Lottering, en ons pa se makelaar, Jean Sterianos, slegs een of selfs geen verklarings afgeneem nie. Hoe kan die aktetasse nou weg wees as daar 'n inventaris bestaan van items wat die polisie uit een van die aktetasse verwyder het. Wat het geword van die items wat verwyder is en van so baie ander dokumentasie ?

Ons ouers se beste vriendin, Dawn Lottering, beweer ook dat hoewel die polisie aanvanklik daagliks by haar was en later selfs nog gereeld daar aangekom het, het hulle slegs een verklaring by haar afgeneem. Dawn beweer ook dat dit vir haar voorgekom het of die polisie (Gerrit Viljoen) se houding na sowat twee jaar na die moorde verander het en dat dit voorgekom het of hy nie meer werklik die moorde wil oplos nie.

Verder is daar baie gerugte rondom die ondersoek. Daar is verskeie bewerings oor vingerafdrukke wat op die moordtoneel gevind sou gewees het en ook oor 'n moontlike moordwapen wat in die dak van die bure se huis sou gevind gewees het. Ons kon hierdie gerugte nog nie volledig ondersoek nie en sal bly wees indien u dit verder kan naspoor.

Dan is daar ook nog bewerings wat deur 'n oud vroue polisie-offisier gemaak word dat hulle (die polisie van Oos Rand) 'n tyd na die moorde ingeroep sou gewees het en aangesê wou gewees het om nooit oor die moorde te praat nie.

Een van joernalis, Alet van Rensburg, se bronne beweer dat daar in 'n stadium 'n brief op die polisie moorddossier sou geplaas gewees het met die opdrag dat die ondersoek na die moorde gestaak moet word. Daar word beweer dat die brief deur ene Generaal Visser onderteken sou gewees het.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.E. Die polisie se aanvanklike ondersoek (vervolg)

## Persone: Polisie/BOSS/Taakmag

### (i) Generaal "Lang" Hendrik van den Bergh

Eerstens, dit is uiters jammer dat die man dood is. Ek glo dat baie geheime en sleutels vir baie dinge saam met hom na sy graf is. Dit is terloops presies wat hy vir my in Desember 1992 gesê het. Ek het hom die oë gekyk en reguit gevra: "*Wat steek daai blou oë van oom alles weg?*" Hy het stip in my oë gekyk en geantwoord: "*Die wat ek saam met my na my graf sal neem*".

Hendrik van den Berg was beskryf as een van die magtigste mans in die jare 70's in ons land. Hy was hoof van die Buro vir Staatsveiligheid, die hoof van BOSS. Hy het bedank na die Informasieskandaal en het reguit vir die Erasmus Kommissie gesê dat hy genoeg mense het om moord te pleeg, sou hy hulle sê om dit te doen, ongeag van die prooi. Dis die tipe mense wat hy gehad het. Hendrik van den Berg was 'n gevreesde man - uiters magtig en gevaarlik. Niemand het ooit 'n opdrag bevraagteken nie.

Ek het Hendrik van den Berg ook onverwags en onaangekondig gaan sien vroeg in Desember 1992, na aanleiding van 'n naamlose oproep van 'n ouerige man wat aan my gesê het ek moet Lang Hendrik van den Berg gaan konfronteer. Die persoon het my oortuig dat Hendrik van den Berg verantwoordelik was om toe te sien dat die opdrag uitgevoer word. Dié gesprek met die man het ek op band opgeneem en is in my besit.

My indrukke van Hendrik van den Berg was, dat hy 'n briljante en uiters skerp man was. Hy was nie verniet die hoof van BOSS nie - 'n intellegente man, wat 'n ander persoon binne twee minute kon opsom en dan presies geweet het hoe om met daardie persoon te werk. Dit het hy uit die aard van die saak met my ook gedoen en goed ook.

Ek het reguit aan hom gevra of hy enigsins iets met Robert Smit en sy vrou se moorde te doen gehad het. Hy het nie een maal sy oë van my afgevat nie en toe geantwoord "*Ek sweer, die Here kan nóú my jongste kleinkind se lewe vat as ek lieg: ek het niks met die moord op jou ouers te doen gehad nie*". Dit het ek nie verwag nie. Ek het hom op daardie stadium geglo, want

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

my opvoeding was van so 'n aard, dat as jy regtig nie iets weet of regtig onskuldig is - en jy maak so 'n aanmerking - dan is jy onskuldig. Die Bybel is heilig. Maar intussen, van 1992 tot nou - het ek met die spoed van lig geleer, dat nie almal so grootgeword het nie, en dat juis die manier van ontkenning eintlik kon bedoel het dat hulle presies geweet het of skuldig was aan juis die spesifieke bewering.

Hy het verder gesê dat as hy enigsins iets geweet het, hy dit aan die polisie sou gesê het. Hy het bygevoeg dat dié moorde baie goed beplan was en baie professioneel uitgevoer was. Hy het gesê hy het die regte personeel gehad om die moord binne 48 uur te kon oplos, maar die polisie het hom nie om hulp gevra nie. Hy het gevoel die Polisie het nie 'n goeie ondersoek gedoen nie. Hy het eers blykbaar twee jaar na die moorde, die dossier gesien. (Dit is in duidelike kontras met Piet Botha se storie - verwys elders na Piet Botha).

By navraag of die moordenaars van Suid-Afrika was of ingevlieg was het gesê, hy het 'n ondersoek by die Mafia laat doen. Hy het die Mafia-baas in die buiteland gekontak, en die het aan hom gesê, die moordenaars was nie van oorsee nie: *"soek die mense in jou eie land"*.

Wat ook interessant was, was die feit dat hy gesê het die moordenaars was blankes en dat Jeanne Smit hulle geken het, of ten minste een. Hy het toe weer eens gesê dat dit dit uiters goed beplande moord was.

Een ding wat Lang Hendrik van den Berg aan my gesê het, wat ek glad nie glo nie, is die feit dat Robert Smit onoffisieël vir BOSS gewerk het, en dat hy Robert Smit baie goed geken het. Robert Smit het glo aan hom inligting gegee oor wat hy (Robert Smit) in die buiteland sou gehoor het. Dit is absolute disinformasie.

Ek sou graag weer die voorreg wou gehad het om net weer een maal met Hendrik van den Berg te kon praat, aangesien baie vrae ontstaan het van my soektog weer begin het.

Die feit dat hy en Kol Dries Verwey nou bande gehad het, met wie Roy Allan en Jack Widdowson, op hul beurt, nou bande gehad het, laat baie vrae ontstaan.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Onlangs het 'n paar oud-Taakmag manne ons meegedeel dat Generaal Hendrik van den Berg nie by die moorde betrokke was nie. Hulle beweer dat die opdrag van die moorde vanaf 'n oud-minister (wie se naam aan ons bekend is) gekom het en na 'n polisieman/taakmag man, wat later 'n generaal was (ook sy naam is aan ons bekend) gegaan het. Volgens hierdie mense sou die opdrag toe na Generaal Verwey gegaan het.

Dit is die eerste keer dat ons hierdie weergawe hoor. Of Generaal van den Berg betrokke was of nie, weet ons nie, maar ons glo wel dat hy iets moes geweet of vermoed het oor die moorde op ons ouers.

Generaal van den Berg se sensitiewe dokumentasie was glo in 'n kluis by sy huis toegesluit. Wat het daarvan geword na sy dood ? Kan die Kommissie dalk hierdie dokumentasie in die hande probeer kry deur sy seun, Johan van den Berg, wat tans nog by NIA werk ?

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.E. Die polisie se aanvanklike ondersoek (vervolg)

## Persone: Polisie/BOSS/Taakmag

### (ii) Dries (Krullebol) Verwey

Kol Andries Verwey was na bewering Genl van den Berg se vertroueling en volgens gerugte idiaal geposisioneer om by die opdrag vir die moorde betrokke te wees. Sy bestuurder Joop Smit impliseer hom ook maar Joop wil nie die inligting per telefoon aan ons kommunikeer nie.

Tydens my (Liza) se gesprek met Joop op die lughawe het hy my vertel dat hy en Kol Verwey 'n paar maande voor die moorde by 'n plek aangekom het waar twee mans, Kerneels Uys en Geoff Chatz, vir Kol Verwey by die hek gewag het. Toe Joop stilhou sê die mans glo: "*Daar's moeilikheid met Robert Smit.*" Hulle het volgens Joop toe nie voor hom (Joop) verder gepraat nie, maar Kol Verwey het uit die motor geklim en die mans het 'n entjie van die motor af verder gepraat.

Verskeie mense het Kol Verwey in die moorde geimpliseer, maar die aantygings is moeilik om op te volg, aangesien Kol Verwey reeds oorlede is.

Daar is ook heelwat vrae rondom Kol Verwey se dood. Volgens sy amptelike doodsverslag is hy glo dood aan 'n hartaanval. Verskeie bronne sê egter die verslag is net so geskryf om seker te maak die versekering sal uitbetaal. Hulle sê hy is dood aan 'n skietwond van die regterkant af. Oosie beweer dat Verwey vermoor is, want volgens hom (Oosie) was Verwey linkshandig en sou hy dus nie regs geskiet het nie. Baie ander mense met wie ons gepraat het glo ook Verwey is vermoor, terwyl sommige insinueer dat dit met die Smit-moorde verband hou, beweer ander dat hy om persoonlike redes vermoor is.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.E. Die polisie se aanvanklike ondersoek

Persone: Polisie/BOSS/Taakmag

### (iii) Gerrit Viljoen

Gerrit Viljoen is deurgaans deur verskeie mense wie ons genader het, geïmpliseer. (Sien onder andere gedeeltes oor Me Dawn Lottering, Piet Botha, Mev X, Dirk Coetzee, Clive Derby Lewis ens).

Ons is van mening dat die ondersoek na die moorde deur Senior Offisiere gemanipuleer was.

Volgens Me Dawn Lottering het sy kort na moorde dikwels met Gerrit Viljoen, wat die ondersoekbemapte op die moorde was, te doen gehad. Hy het haar aanvanklik elke dag besoek, soms twee maal en lank na die moorde soms nog steeds een maal 'n week. Haar eerste indrukke was dat hy werklik die moorde probeer oplos het. Sy glo dit vandag nog. Sy sê egter dat sy houding na sowat twee jaar verander het. Sy het toe die indruk gekry dat iemand hoër op hom laat verstaan het dat die moorde nie opgelos moet word nie.

Gerrit Viljoen is vandag in die sekerheidswêreld en het sy eie besigheid op Heidelberg naby Johannesburg. Ten tye van die moorde was hy 'n baie jong polisieman en ons vind dit vreemd dat so 'n jong, onervare polisieman aangesê is om die moorde te ondersoek.

Joernalis Alet van Rensburg het Gerrit Viljoen in 1995 (kort nadat ons die gerugte rondom Roy Allan die eerste keer gehoor het) met Gerrit Viljoen kontak gemaak. Hy wou niks vir haar sê nie, maar het gesê hy gaan nie met haar praat voordat sy nie die GDO gelees het nie. Sy het egter 'n jaar tevore (na aanleiding van osn neef David Murray se ondersoek) probeer om die GDO op te spoor, maar kon nie daarin slaag nie. (Sien David se opsomming – aanhangsel 18 oor hoe daar aan hom gesê is dat die GDO en die GDO register vernietig is). 'n Paar maande later het Alet van Rensburg by die Pretoriase Hooggeregshof (tydens die Eugene de Kock verhoor) het Ivor Human (toe van die PG se Ondersoekspan) aan haar gesê dat hy (Ivor) die GDO het. Onlangs het Ivor Human dit glo ontken.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Toe die jongste bewerings gemaak is dat Oos-Rand Moord en Roof die moorde sou help toesmeer het, het joernalis Alet van Rensburg weer met Gerrit Viljoen geskakel. (In Junie vanjaar). Sou wou sy reaksie op die aantygings hê. Gerrit het volgens Alet erg omgekrap voorgekom en het kwaad gereageer op die aantygings dat die polisie die ondersoek sou toegesmeer het. Hy het verskeie redes aan haar genoem oor hoekom hulle nie sou toegesmeer het nie, onder meer omdat hy as jong polisieman op die saak gesit is, omdat so baie afdelings bv forensies, ens van die polisie by die ondersoek betrokke was, ens. Wat volgens Alet egter vreemd was, was dat hy na hulle aanvanklike gesprek haar nog 'n paar keer sowat elke tien minute weer gebel met nog redes hoekom hy nie die moorde toegesmeer het nie.

Onlangs het ons en ons advokaat met Gerrit Viljoen kontak gemaak. Hy het gesê ons moet met sy regsverteenwoordiger praat. Sy regsverteenwoordiger wou egter niks sê nie en ook nie toelaat dat ons met Gerrit Viljoen praat nie.

In hierdie verband is ons van mening dat u ondersoekspan beslis met mnr. Gerrit Viljoen moet kontak.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.E. Die polisie se aanvanklike ondersoek

Persone:

### (iv) Generaal Visser

Genl Kobus Visser was na bewering die *"Beskermheer"* van Lt Viljoen en kon derhalwe moontlik die ondersoek beïnvloed het. Na bewering het Genl Visser op 'n stadium opdrag gegee om die ondersoek te staak. Een van joernalis Alet van Rensburg se bronne beweer dat daar later jare 'n brief op die moorddossier geplaas is, wat beveel het dat alle ondersoeke na die moorde gestaak moet word. Volgens die bron was die brief na bewering deur Generaal Visser onderteken.

Volgens koerantberigte was Generaal Visser aan hoof van Gerrit Viljoen en die ander wat by die ondersoek betrokke was.

### (v) Brigadier Wiese

Ons weet nie presies waar hy in die ondersoek inpas nie, maar ons oom, Iaan Smit, beweer dat hy Brig Wiese sowat twee dae na die moorde by die moordhuis op Springs gesien het. Iaan Smit beweer dat Brig Wiese aan hom (Iaan) gevra het wat hy (Iaan) sou doen indien hy deur hierdie moorde op te los, staatsgeheime sou moes openbaar.

### (vi) Generaal J.J. de Swart (Blackie de Swart/Black Jack de Swart)

Ons het die eerste keer van Generaal JJ de Swart gehoor tydens ons (my – Liza en joernalis Alet van Rensburg) se eerste besoek aan Roy Allan. Roy Allan het toe aan ons gesê ons moet met Generaal JJ de Swart praat, want hy sal ons glo kan help met die moorde. Hy het ook gesê dat Genel de Swart nou glo Kaap toe getrek het (glo na Milnerton) en dat hy hom verlede jaar op hulle re-unie gesien het.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Verskeie ander mense het ons ook na Genl de Swart verwys, maat ons kon nog nie daarin slaag om met hom kontak te maak nie.

Intussen word daar ook bewerings gemaak dat Generaal de Swart in beheer was van die plaas "Diasy" vanwaar die Z-squad na bwering sou geopereer het. Ons weet nie of dit waar is en of dit dalk disinformasie is nie, want ons kon nog nie daarin slaag om vas te stel presies wanneer "Daisy" ontstaan het nie.

## (vii) Piet Botha

Eugene de Kock het my na Piet Botha verwys. Piet Botha was ook betrokke by die BOSS ondersoek na die moorde, maar vir blykbaar net vir twee weke. Ek en Alet van Rensburg het Piet Botha ontmoet by die Garden City kliniek waar hy vir behandeling was na 'n skietongeluk. Eugene de Kock het aan my gesê dat Piet Botha vir Roy Allen en JackWiddowson ken en ek hom moes uitvra rond om die twee mense en sy twee weke op die moord ondersoek.

Ek het Piet Botha twee maal ontmoet, een maal saam met Alet van Rensburg en die tweede keer saam met my advokaat Hendrik Gey van Pittius.

Wat uit die twee ontmoetings na vore gekom het is die feit dat Piet Botha sy storie verander het. By die eerste ondersoek saam met Alet het hy gesê dat Genl Hendrik van den Berg vir hom en 'n sekere IB Langenhoven persoonlik van die moordsaak afgehaal het, nadat hulle in 'n woonstel in die Ponte Gebou op dokumentasie in 'n kluis afgekom het wat verband gehou het met Robert Smit se moord. (Wat interessant is, is dat ons later verneem het dat 'n sake-vriendin van ons pa, Emmerentia Liebenberg, in die Ponte gebou gebly het, is dit dalk dieselfde woonstel?) Piet Botha en IB Langenhoven het glo vir die hoofondersoek beampte, Gerrit Viljoen, daarvan gesê, en dat hy wat Gerrit Vijoen was, 'n beslagleggingsbrief moes kry vir die verwydering van die dokumentasie. Volgens Piet Botha is dit nooit gedoen nie, en is hy en IB Langenhoven net na die voorval van die saak afgehaal.

Met die tweede ontmoeting met Piet Botha, het ek en Adv Gey van Pittius,aan hom dieselfde vrae gestel. Hy het sy storie verander en gesê dat

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Genl. van den Berg wel hulle van die saak afgehaal het, maar dat die opdrag van 'n sekere Gawie Nel afgekom het wat interresant is, is dat hy nou-nog saam met Gawie Nel in 'n huis woon.

In die tweede ontmoeting het Piet Botha ook vir Roy Allen heftig verdedig. Hy kan nie verstaan hoekom die vinger na Roy Allen wys word nie. Hy ken Roy Allan goed en het nog gereeld kontak met Roy Allen. (Ek veneem egter dat Piet Botha deesdae – van baie onlangs af - vir Roy Allen werk by Fidilety Guards op Johannesburg Internationale Lughawe. Verwys ook asseblief elders na Eugene de Kock se gesprek met Adv. Gey van Pittius. Piet Botha sê Roy Allan is nie die tipe persoon wat sou kon moord pleeg nie. Eugene de Kock sê ook Piet Botha sal meer van die "Z -Squad" weet. Piet Botha ontken egter enige kennis hieroor. Hy sê al wat hy weet was dat dit 'n "Hit Squad" van "Boss" was.

## (viii) Jack le Grange en Robert van der Merwe

Verskeie persone met wie ons kontak gemaak het, het oor die betrokkenheid van Jack Le Grange gespekuleer. Kapt Le Grange is kort voor of na die moorde saam met Robert van der Merwe oorgeplaas vanaf Brixton Moord en Roof na Oos Rand Moord en Roof. Dit kom moontlik verdag voor.

Daar is ook diegene wat beweer dat Jack le Grange op 'n foto verskyn wat na die moorde op die moordtoneel geneem is. Dit is 'n foto wat verskeie kere in die koerante verskyn het met polisie-ondersoekbemaptes op die toneel. Sommige spot en sê: "*en daar staan een van die moordenaars toe saam met die polisie op die toneel op die foto*". Ons kon egter nooit bevestiging hiervoor kry nie en ons is ook nie seker of dit wel Jack le Grange op die foto is nie.

Ek (Robert) het 'n paar jaar gelede op 'n brug oor 'n snelweg 'n ontmoeting met Jack le Grange gehad. Hy het nie veel gesê nie, behalwe weer hoe gevaarlik dit is.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## (ix) Brig Jack Cronje

Jack Cronje was Hoof van Veiligheid van die Oos Rand. Sommige bronne sê indien BOSS wel die opdrag vir die moorde sou gegee het, sou Jack Cronje daarvan geweet het aangesien dit gebruiklik was om in so 'n geval die ander *"binnekirng lede"* uit die straat te hou.

Ons het egter nog nie met Jack Cronje in aanraking gekom nie.

## (x) Koos Kemp (Is dit dieselfde as Daantjie Kemp ?)

Koos Kemp – 'n oud BOSS man en na bewering een van die joernalis Gordon Winter se BOSS hanteerders - word deur koerantberigte en spekulasie aan die ondersoek gekoppel. Volgens koerantberigte van daardie tyd het Koos Kemp beweer dat daar na die moorde met aktetasse gepeuter is. Ons self kon dit nie opvolg nie.

Koos Kemp was ook een van Genl Hendrik van den Berg se vertrouelinge en was tot kort voor sy (Van den Berg se dood) dood nog goei vriende met Van den Berg. Het Van den Berg dalk iets aan hom genoem ?

## (xi) Mike Kennedy

Johan du Plessis, het aan ons regsverteenwoordiger gesê dat Mike Kennedy na bewering by die moorde betrokke was. Mike Kennedy is 'n ou spioen en was/is by NIA betrokke. Dit is een van die meer onlangse aantygings wat ons nog nie opgevolg het nie. Ons het sy naam ook nie andersins gehoor nie, behalwe in verband met die Z-squad.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## (xii) Philip Swart

Volgens verskeie bronne was Philip Swart na bewering 'n BOSS-vertroueling van Genl Van den Berg. Ons het nog nie met Philip Swart kontak gemaak nie, maar het 'n telefoonnommer wat moontlik syne kan wees. Hy bly in die VSA en is direk na die moorde na Chile verplaas. Dit was blykbaar Genl Van den Berg se modus operandi om *"warm"* ouens land uit te stuur. Ons kry 'n Flippie Swart by NID opgespoor – ons weet nie of daar enige verband is nie.

Ons het ook verneem dat Philip Swart en Roy Allan met mekaar goed bekend is.

Verskeie bronne beweer dat ons die antwoorde by Philip Swart sal kry. Daar was van Philip Swart se vriende wat beweer het, hy sal terugkom Suid-Afrika toe as daar vir hom amnestie gereël kan word, en dat hy dan sal praat.

## (xiii) Hennie Gerber

Ek (Liza) het Hennie Gerber op Dinsdag 02-09-97 by die Zonderwater gevangenis besoek waar hy tans 'n vonnis uitdien vir die moord op 'n Fidelity Guard werknemer. (Oosie is saam met hom aangekla).

Op 'n vraag van my of hy enig kennis het rondom die Smit-moorde het hy aan my gesê: "*Ja, ek was op daai tydstip by Oos Rand Moord en Roof. Gerrit Viljoen het die ondersoek behartig.*" Volgens Hennie Gerber het Gerrit Viljoen alles opgeoffer vir die moordsaak. "*hy was hart en siel in die ondersoek.*" Hy sê ook dat Genl K Visser absoluut Gerrit Viljoen se mentor was. Generaal Visser het glo alle middele vir Gerrit Viljoen beskikbaar gestel tot Mirages om sy ondersoek oorsee te kan doen.

Toe ek hom meedeel dat daar baie beweringe is dat Gerrit Viljoen nie die ondersoek doeltreffend hanteer het nie, was Hennie Gerber redelik verbaas: "*Dat gerrit Viljoen kon gedraai het, is moeilik om te glo, maar jy moet een ding verstaan, as daar druk van bo kom, het jy geen ander keuse nie. Die moorde was uiters hoë profiel en baie professioneel uitgevoer. Almal het*

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

*geweet dat die moorde 'n politieke konneksie gehad het. So ja, dan is dit seker moontlik."* Toe sê hy aan my: *"Kry Jack le Grange in die hande, maar pasop, hy en Ivor Human is dik. Ivor Human vertrou ek nie sover ek hom kan sien nie. Hy was ook betrokke by die ondersoek."*

By navraag oor Roy Allan en Jack Widdowson se moontlike betrokkenheid, was hy (Hennie Gerber) baie skepties. *"Die stories kom van Oosie af en Oosie se kop raas. Dat Roy Allan en Widdowson gevaarlike mense is, is daar geen twyfel oor nie, maar dat hulle die moorde gepleeg het, weet ek nie. Ek betwyfel dit."*

Hy sê toe aan my die volgende mense was altyd almal saam in 'n seksie en Kol Verwey se manne:

- Roy Allan
- Jack Widdowson
- Geoff.Chatz-Kelowitz
- Jerry Raven

Rondom Oosie het hy my vertel van die skietvoorval. *"Ja, ek het hom geskiet. Ek het gedink hy's dood, maar nou ja, eers die volgende dag het ek gehoor hy lewe nog."*

Hennie Gerber wou nie veel verder uitbrei oor Oosie nie, maar sê hy was nie 'n goeie werker nie. Die skietvoorval het gebeur na hy ( Hennie Gerber) 'n tweede skriftelike waarskuwing aan Oosie gegee het. Hennie Gerber voel ook dat Oosie nie die waarheid praat rondom sy beweringe oor die Smit-moorde nie.

Hennie Gerber het my ook sy onderneming te gee om met enige inligting wat mag help te help.

## (xiv) Geoff Chatz (-Kelowitz)

Ons het die eerste keer van Geoff Chatz verneem toe joernalis Peet Bothma gesê het 'n bron het aan hom gesê dat ene Geoff Chatz en Mike Pholey die moordenaars was. Ons het nog nie persoonlik met hom gepraat nie, maar sy naam by verskeie mense gehoor in verband met die ou stelsel, maar nie in verband met die moorde nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Ons het gehoor dat hy deel van SS-squad en moontlik ook die Z-squad was. Joop Smit het ook sy naam genoem as een van die moordenaars (dit was nadat Joop sy storie verander het en besluit het dat Roy Allan nie meer betrokke kon gewees het nie.)

Dit wil voorkom of Geoff Chatz ook in hierdie "*kringe*" van die Oud-Taakmag manne en Oud-BOSS manne beweeg het. Verder weet ons nie veel oor hom nie.

(xv) Jerry Raven

Jerry Raven se naam het eers heel onlangs opgekom. Verskeie mense (hoofsaaklik mense wat na aan Roy Allan blyk te wees) beweer dat Jerry Raven die moorde sou gepleeg het. Hulle beweer dat hy die profiel het om so iets – eers skiet en dan met messe steek – te kon doen.

Verskeie mense (Peet Bothma, Roy Allan, ens) het my ook aangeraai om met Jerry Raven te gaan praat. Ek het egter nog nie by hom uitgekom nie. Hy werk tans by "Mattress World" by Sunnypark in Pretoria.

Jerry Raven se naam het ook opgekom in verband met die SS squad en die Z squad. Ons het nog geen verdere opvolgwerk gedoen om vas te stel of dit waar is nie.

Daar word ook bewerings gemaak (onder meer deur Oosie) dat Roy Allan en Jerry Raven vriende is.

(xvi) Mike Pholey

Ons het Mike Pholey se naam die eerste keer genoem toe Peet Bothma sê een van sy bronne het Mike Pholey en Geoff Chatz by die moorde betrokke was. Ons kon by niemand meer oor Mike Pholey uitvind nie, niemand ken hom glo nie. Ons het net sy naam in die WVK se "Steyn Portfolio" gesien.

Mike Pholey se naam het ook nêrens weer opgekom nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## (xvii) Mike Kühn

Ons het die naam Mike Kühn die eerste keer gehoor toe daar aan ons gesê is dat Mike Kühn die enigste oorlewende lid van die Z-squad is. Ons het egter later uitgevind dat daar nog ander lewende Z-squad lede is.

Oor Mike Kühn weet ons nie veel meer nie, behalwe dat hy glo tot verlede jaar nog by NIA was en toe 'n pakket gevat het. Hy het nou glo 'n koekiewinkel in Pretoria-Noord en daar is mense wat hom probeer verbind aan 'n maatskappy genaams: Global Consultative Incorporation.

Ons kon nie veel meer oor hom uitvind of by hom uitkom nie. Ons is net deur verskeie bronne gewaarsku dat hy "*'n gevaarlike man*" is. Hy beweeg volgens die bronne ook in die oud-BOSS/Taakmag kringe.

## (xviii) Louw Malan

'n Bron wat nie genoem wil word nie, sê dat Louw Malan tweede in bevel na Kol Verwey was. Hy sê dat Malan beslis meer moet weet.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 4.f) "Sanction busting", wapens en kernwapens

Volgens gerugte sou ons ouers se moorde glo ook verband gehou het met "sanction busting", wapens, olie en kernwapens.

Ons het intussen vasgestel dat ons pa betrokke was by die olie "sanction busting" operasies van Suid-Afrika. Hy het na ons wete ook betrekkinge gehad met die Shah van Iran. Die Shah het 'n baie waardevolle Persiese tapyt aan ons pa verkoop wat hy na die moorde wou terugkoop. Volgens 'n vriendin van ons ouers, Dawn Lottering, het ons pa ook gereeld na Iran gevlieg, via Turkye. Sy het hom lughawe toe geneem. Hy het glo ook self aan Dawn gesê dat hy by die sankie-omseilingsprojekte betrokke was.

Ons vermoed dat ons pa in hierdie veld van sanksie omseiling op die onwettige transaksies en kommissies afgekom het.

Ons het ook gerugte gehoor dat Suid-Afrika in daardie jare reeds begin het om kernwapens te ontwikkel en daar is mense wat beweer dat dit met die olie-sanksies verband gehou het.

(sien asb aanhangsel 19 ..... Alet van Rensburg se ongeredigeerde berig hieroor)

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## 5. Politieke figure

Daar is al jare lank gespekuleer dat hierdie politieke moorde was en dat daar politici by die moorde betrokke was. Dit is egter die heel moeilikste deel om op te volg.

Name van verskeie politici is al geopper, maar veral die naam van een oud-minister.

Ons kon egter geen bewyse vind nie, maar wil graag met u die bietjie inligting wat ons bekom het (ongetoets) en bewerings met u deel. Ons maak geen direkte aantygings nie, maar sal bly wees as dit opgevolg kan word en indien alle inligting as hoogs vertroulik beskou sal word om ons nie bloot te stel aan vervolging nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Appendix 4

[illegible] uit [illegible] geneem op 25-11-77.

Beslag Ned Bank, PTA. tjekboek met 13 ongebruikte tjeks. Rekening No. 2086071283-02.
Brief van Mnre. [illegible] Roos & du Toit, JHB. gedateer 17.11.77
Kontant Verseker Mpy. Bpk. 3de party versekering kwitansie
Stadsraad Pretoria 1977 [illegible] kwitansie. TP 94821
[illegible] se identiteitsboek.
Beslag Ned. Bank, Pta. per brief 30-8-77.
[illegible]
[illegible] per brief gedateer 16.3.76. [illegible]
[illegible] per brief 29.[illegible]
Kontant [illegible] per brief 26.2.76.
[illegible]
[illegible]
[illegible] Instrumente Elektroniese [illegible]
2 [illegible] Kamer 318 [illegible]
1 [illegible] met 2 sleutels en 1 [illegible]
M. Smit [illegible] ([illegible])

MAJOOR NB

[illegible]
[illegible]
Sanlam Bank Bpk.,
[illegible]
Tel. 834-4061 x 235.

W. K. [illegible]
SEKRETARIS
SANTAM INTERNASIONAAL BEPERK
TEL. 833-1760
25/11/1977

Willie Olivier

SAHA ARCHIVE
South African History Archive - Since 1988

Appendix 1
Bladsy 1

D: SMITTT

uwe weergawe
eur J.J. VAN WYK: Johannesburg

R. ROBERT SMIT en sy vrou Jean-Cora is in November 1977 deur lede van die toe uutgestigte Taakmag van die Polisie vermoor.

So vermoed oud-taakmaglede wat n'a byna negentien jaar hul stilswye erbreek het oor seker een van die tergendste moordraaisels in Suid-Afrika.

Twee onafhanklike bronne - albei lede van die Taakmag, van wie een tans elf weens 'n gru-moord in die tronk is - het in Rapport se ondersoek vinger ewys na presies dieselfde drie taakmaglede. Die moontlike betrokkenheid van 'n ierde word ook genoem.

Een van hulle, kol. Krullebol Verwey, is reeds in 1980 aan vermoedelik 'n artaanval dood. Hy was stigterslid en eerste bevelvoerder van die Taakmag en n vertroueling van genl. (Lang) Hendrik van der Bergh, destyds hoof van die taatsveiligheidsburo.

Die twee ander, wie se name aan Rapport bekend is, is nog in lewende lywe was op hul beurt na aan kol. Verwey. Hulle het n'a hul loopbane by die aakmag albei by Militêre Inligting beland en was tot 'n paar jaar gelede nog y MI. Ray Allen?

Deesdae is die een 'n senior amptenaar by een van Suid-Afrika se grootste eiligheidsmaatskappye. Die ander is 'n sakeman in Kaapstad. [illegible]

Een van die ''beskuldigdes'' het in 'n onderhoud met Rapport ten sterkste ntken dat hy betrokke was by die moorde. Hy het hom bereid verklaar om 'n eunnverklikkertoets by die Polisie af te lê.

Hy het wel Rapport se inligting, dat sy gewese vrou vir mnr. Smit gewerk et, bevestig. Sy was ten tyde van die moorde nie meer by hom werksaam nie. [illegible]

Hy het (sover sy kennis strek) ontken dat hy ooit as beriggewer vir enige n die veiligheidsmagte opgetree, lid was van enige so 'n mag of vir so 'n ag gewerk het.

Volgens hom was daar n'a die moorde wel ''gerugte'' in die Taakmag dat ol. Verwey betrokke kon gewees het weens die proffessionele aard van die oorde. Hy het nooit die gerugte geglo of enige bewyse daarvoor gehad nie, [illegible]

Rapport het sy ondersoek begin op grond van 'n polisieverslag gemerk ''ers geheim''. Die verslag wat in 1994 opgestel is, is deurgestuur tot op e hoogste vlakke in die polisie. Daar het sover vasgestel kan word, niks aarvan gekom nie.

In die verslag meld 'n lid van die Johannesburgse Misdaadinligtingsdiens at 'n beriggewer in die Zonderwater-gevangenis, aan hom uitgelap het dat 'n ede-gevangene (Francois Willem Oosthuizen, 'n oud-taakmaglid wat deel was van ie tweede of derde inname en weens moord in die tronk was) beweer hy het 'n ksetas wat aan dr. Smit behoort en van sy dokumente bevat, uit kol. Verwey se huis gesteel. Hy het die tas gesteel nadat hy glo 'n uitval met Eugene de Kock van Vlakplaas-faam gehad het.

Oosthuizen is in die tronk weens die moord op 'n [illegible] Fidelity Guards. Die moord is gepleeg deur Oosthuizen, Rennie Gerber, 'n gewese BSB-lid, en 'n derde werknemer van Fidelity Guards.

Volgens die beriggewer het Oosthuizen beweer kol. Verwey is doodgeskiet oe hy in Port Elizabeth was, sodat dit na selfmoord gelyk het. Hy is geskiet adat hy glo daarvan verdink is dat hy die tas as sekuriteit gevat het.

Rapport se ondersoek kon geen van die bewerings staaf nie. Volgens olisierekords is kol. Verwey in 1980 dood aan 'n hartaanval terwyl hy alleen die huis was. Hy was toe reeds weg by die Taakmag en in Port Elizabeth asioneer. Daar was volgens kennisse wat sy lyk gesien het, beslis nie ake van 'n skietwond nie.

(MEER)

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Appendix I

Bladsy 2



Buiten kol. Verwey noem Oosthuizen, volgens die beriggewer, nog twee name

Hy verduidelik ook hoe hul name verband hou met die woorde RAU TEM wat eur die Smit-moordenaars op die mure gespuitverf is - dat dit eintlik RALL JE (in kursiewe skrif) is en dat dit 'n afkorting vir die moordenaars se name is.

Die drie beweerde moordenaars se name word genoem, maar daar word na kol. erwey verwys as Krullebol ''Verster''. Een van die ander twee wat beskuldig ord, se van word ook verkeerd gespel - waarskynlik die beriggewer se foute.

Rapport het daarna met 'n ander stigterslede van die taakmag gepraat. Een an hulle het soortgelyke bewerings oor kol. Verwey se moontlike betrokkenheid emaak het.

Hy wou aanvanklik nie nog name noem nie, maar het sonder huiwering evestig hy verdink dieselfde mense toe die twee ander name aan hom gewys is. y het hulle as vertrouelinge van kol. Verwey bestempel.

Volgens hom het 'n lede van die taakmag op die dag van die Smit-moorde in motors van die basis af vertrek. [illegible] in basis.

Hy het nie geweet wat hul opdragte was nie, maar het later begin vermoed ie operasie het die Smit-moorde verband gehou. Dit is in 'n mate bevestig toe y toe hy kol. Verwey kort daarna in gesprek oor die Smit-moorde uitgevra het oi Verwey se reaksie en waarskuwing (oor die presiese woorde is hy onseker. aar die implikasie was dat hy sy neus uit die Smit moorde moet hou of sy lewe in gevaar) het sy vermoedens versterk, sê hy.

Volgens di'e bron was die Taakmag na sy mening die enigste mense wat so erasie kon uitvoer. As dit, soos al jare lank bespiegel word, 'n politieke oord was om dr. Smit se mond te snoer oor onthullings oor ongerymdhede in egeringskringe wat hy wou doen, was dit volgens hom logies dat die taakmag en ol. Verwey daarvoor gebruik sou word.

Oosthuizen het voorverlede week persoonlik aan Rapport bevestig dat hy di mit se aktetas uit die kluis gesteel het. Dit het onder meer dr. Smit se jekboek, kredietkaarte en bruin koevert met 'n verslag aan mnr. John Vorster, ie destydse eerste-minister bevat. Maar hy het alles buiten die verslag ernietig. Di'e het hy in 'n Switserse bankkas bewaar. Dis nog steeds daar.

In die beperkte tyd wat Rapport met Oosthuizen kon praat, het hy melding ek van rekeningnommers en name wat in die verslag genoem word. Hy praat y ondersoek oorsee waartydens hy afgekom het op reuse-bedrae in die itserse banke met Suid-Afrikaanse aandeelhouding.

Hy het ook laat val dat hy per ongeluk op die hele Smit-samewering fgekom het, dat hy geskiet is toe hy sy neus ingedruk het waar dit nie gehoort nie, en dat een van die ''beskuldigdes'' se meisie, 'n Portugese vrou oodgemaak is omdat sy te veel gepraat het. Dit is na 'n selfmoord laat lyk.

Volgens Oosthuizen het sy inmenging by die Smit saak hom sy loopbaan kos.

Hy het ook gesê dat hy die Goldstone-kommissie in besonderhede oor di moorde betrokkenheid van die Taakmag ingelig het.

Rapport het die Goldstone-advokaat met wie Oosthuizen destyds gepraat nader. Hy is deesdae verbonde aan die spesiale ondersoekspan van dr. Ja... an S. d'Oliveira, Prokureur-generaal in Pretoria.

Hy het bevestig dat daar reeds omvattend ondersoek ingestel is na Oosthuizen se bewerings. Die ondersoek is steeds aan die gang.

Volgens die woordvoerder is daar sommige van Oosthuizen se bewerings wat op en is sekere leidrade opgediep, maar daar is ander bewerings waarmee hul robleme ondervind.

Een is Oosthuizen se bewering dat hy tydens die moorde in Suid-Afrika ... ar sy diensrekords toon hy was toe nog in die destydse Suidwes-Afrika, ... woordvoerder van die ondersoekspan gesê.

(MEER)

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988